

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

16 Julie 2021

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 207 – Nommer 1



Geloof, hoop en roosterkoek

Gewilde Pelgrimstog van Hoop kry nuwe been met 'buitekerkies' langs van Uniondale tot Mosselbaai.

Bl 14-16





NG GEMEENTE KLERKSDORP-OOS

Ons is God se Goeie nuus in die Wêreld

VAKATURE: LERAAR VIR VASTETERMYN VAN TWEE JAAR
(Die moontlikheid bestaan om die pos te verleng vir 'n verdere tydperk na die verstryking van die aanvangstermy)

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van bedienaar van die Woord.

GEOGRAFIES:

Klerksdorp, ook bekend as die Stad van Mense, is ongeveer 200 km van Gauteng op die N12-hoofweg. Klerksdorp staan ook bekend as die mediese hoofstad van die Noordweste en beskik onder andere oor drie private hospitale en 'n staats hospitaal. Die stad het vyf model C-hoërskole en 'n aantal private hoërskole en laerskole. Die bekende Noordwes-Universiteit is ongeveer 45 km vanaf Klerksdorp. Klerksdorp beskik oor al die groot kettingwinkels en is die koopsentrum van omliggende dorpe.

OPSOMMING VAN GEMEENTEPROFIEL:

Klerksdorp-Oos is 'n gemeente van die Here Jesus Christus. Die gemeente het een leraar. Die vakature het ontstaan omdat die voltydse leraar gedurende Augustus 2021 na Skotland emigreer. Die gemeente is 58 jaar oud, het 439 lidmate en is 'n voorstedelike gemeente.

LERAARSPROFIEL EN PLIGTE:

Aansoek word ingewag vir dinamiese gelegitimeerde leraars. Persone wat medies geskik is om al sy/haar pligte uit te voer, mag aansoek doen.

- 'n Prediker wat die evangelie met vreugde, erns en vrymoedigheid bedien.
- In verhouding met die lewende God staan en 'n passie het vir God en sy koninkryk.
- In spanverband met ringsleraars en kerkraad kan werk.
- Geleentheid vir uitbreiding van koninkryk kan raaksien en ontwikkel.
- 'n Musikale aanleg sal tot voordeel van die kandidaat wees.
- Vaardig wees met 'n rekenaar en elektroniese media kan gebruik.
- Kragtens Artikel 9 van die Kerkorde.
- Huisbesoek bly 'n noodsaaklikheid vir die kerkraad.

VERGOEDING:

- Die traktement sal bepaal word volgens die riglyne van Goudland Sinode tot en met vlak 5. Dit bly egter onderhandelbaar.
- Sinodale aanbeveling vir reiskoste en diensvoorwaardes sal as riglyn dien.
- Die gemeente beskik oor 'n ruim pastorie wat verkieslik deur die leraar bewoon moet word (onderhandelbaar).

AANSOEKE:

Volledige CV met verwysings.

Dit sal van die aansoekers verwag word vir 'n proefpreek of oudiopreek indien kerkraad weens omstandighede dit vereis.

Vir meer inligting kan die saakgelastigde mev Marinda Horn geskakel word. 018 468 1842.

E-pos: ngkerk@lantic.net

SLUITINGSDATUM: 10 Augustus 2021.

DIENSAANVAARDING: 1 Oktober 2021 (onderhandelbaar).

TELEFONIESE NAVRAE: Voorsitter van Diensverhoudinge, Piet Niemand, 060 411 5471/018 468 6842.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG GEMEENTE MARBLE HALL

VAKATURE: LERAAR

(Onbepaalde termynpos)

GEMEENTEPROFIEL:

- Ons gemeente is 'n tipiese plattelandse eenmangsgemeente geleë in die middedorp van Marble Hall in Limpopo en is deel van die Ring van Middelburg (Mpumalanga) (Oostelike Sinode).
- Ons het tans 400 lidmate, waarvan 329 belydend is.
- Van karakter is die gemeente sterk behoudend met Gereformeerde spiritualiteit en stel 'n hoë premie op Skrifgetroue prediking.

LERAARSPROFIEL:

'n Gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wat begrip en liefde toon vir 'n plattelandse gemeenskap se unieke behoeftes en omstandighede. Die leraar moet:

- Iemand wees wat, behalwe die pligte vervat in Artikel 9 van die Kerkorde, 'n energieke motiveerder moet wees wat ons tot 'n aktiewe dienende gemeente kan lei.
- Iemand wees wat die Here liefhet en 'n roeping het om in sy diens te staan.
- Iemand wees vir wie Skrifgetroue Bybelse lering voorop staan asook die suiwer Gereformeerde leer.
- Passievol wees oor die erediens en aanbidding daarvan.
- Alle aspekte van pastorale versorging is baie belangrik.
- Beskik oor leierseienskappe om die gemeente in alle fasette (erediens, kategeese, Bybelstudie, gemeentelike bedieninge, ens) te laat groei.
- Bereid wees om 'n psigometriese toets af te lê.

VERGOEDING:

- As gemeente in proses van herstel wil ons saam die Here vertrou dat ons binne sinodale riglyne vir 'n Vlak 1- of 2-aanstelling sal kan onderhandel.

AANSOEKE:

- Volledige CV met drie toepaslike referente (elektronies) aan die skriba.

- Geselekteerde kandidaat moet beskikbaar wees vir onderhoude in die week en 'n preekbeurt op Sondag.

SLUITINGSDATUM: 31 Julie 2021.

DIENSAANVAARDING: 1 September 2021.

NAVRAE:

Skriba: ngkmmhall@lantic.net

Voorsitter: Riaan van den Heever (082 550 8907) of riaan@elandsbdy.co.za


Die gemeenteraad hou hom die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

**Die volgende Kerkbode
verskyn op
13 Augustus 2021.**

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van Kerkbode nie.

Bm
Bybel-Media

Die klip in Lisa se borskas



Die klip in Lisa se borskas
Lisa se kleurryke storie met die baie fasette is spesiaal geskryf vir alle kinders (jonk en oud) om hulle te help om die dood te verwerk. Dit is 'n storie wat sê die liefde is altyd sterker as die dood.



Overberg vat hande vir eenheid

HELÉNE MEISSENHEIMER

Die onus rus nou op NG en VG lidmate in die Overberg om verder inisiatief rondom kerkhereniging te neem nadat sowat 24 gemeentes hulleself verbind het tot die vorming van die Herenigde Ring van Caledon.

“Die vereniging van die twee Ringe van Caledon (NGK en VGK) beteken vir ons groter geloofwaardigheid in terme van ons getuienis, ’n wedersydse erkenning van mekaar, ’n bevestiging van ons menswees, ons geloofsuitinge en moontlik ook ons leierskap,” sê die nuwe ring se voorsitter, ds Donald Gantana van Grabouw.

’n Spesiale sitting van die Herenigde Ring van Caledon word vir Oktober by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit op Wellington beplan. “Dit is goed dat die res van die NG Kerk in Suid-Afrika kan sien wat gebeur op grondvlak en op ringsvlak – dat dit hoop gee vir die NG Kerk en die VGK vir die pad vorentoe,” sê ds Corné Kemp van Hermanus.

Die hereniging van die twee ringe in een struktuur beteken beide se personeel en finansies is nou in een struktuur saamgevoeg. Dit het op 28 Mei vanjaar amptelik geword.

Hierdie historiese mylpaal volg na ’n lang pad saam gestap is. “Met die eerste saam vergader (van die twee ringe) by Mizpah naby Greyton in 2005, het ons gesê ons wil nie weer sonder mekaar vergader nie,” vertel Kemp. Hy is die voormalige mede-voorsitter van die ring.

Daar is besef dat ruimte gemaak sal moet word om mekaar te akkommodeer, selfs al beteken dit ’n sinodevergadering of ringsvergadering wat in Engels gehou word as dit nodig is. Die VGK Overberg, met sy twee takke in Zwelihle by Hermanus en Grabouw, is die enigste Xhosaspreekende gemeente in die ring.

Al die gemeentes in die ring is gepols oor hulle gevoel jeens hereniging. Vol-

gens Kemp was die terugvoer positief. Die ring het in ’n brief die uitdaging aan die gemeentes gestel om op eie inisiatief die proses na hereniging in hulle gemeenskap verder te neem.

Die bedoeling daarmee is dat plaaslike gemeentes, NG Kerk en VGK, in die Overberg-gebied op eie inisiatief die proses verder sal neem deur voorstelle te maak vir kontak en gesprekke. Daar is ook hulpmiddels beskikbaar wat gemeentes hiermee kan help soos die 10 fase-roetekaart (ontwikkel by Touwsrivier), die Tussenorde en die Pastorale orde-gemeente.

Bredasdorp se NG en VG gemeentes het reeds in 2018 herenig, maar nie al die gemeentes is al by daardie punt nie. Daar is egter ’n wedersydse bereidwilligheid waarvoor die ring verheug is.

“Die kontinuum van ons interaksies met mekaar is van meer formeel soos in Bredasdorp tot ’n gemoedlike saam praat, saam eet, saam kuier en beplan aan toekomstige blootstelling van die gemeentes asook samewerking wat konsultantswerk betref,” verduidelik Gantana.

Armoede is ’n uitdaging in die VGK-gemeentes. Net drie van die 11 VGK-gemeentes in die Caledonring het tans voltydse predikante wat dus elk buiten hulle eie gemeente ook meer as een gemeente sonder leraar (konsultantsgemeente) moet bedien. Die nuwe reëling maak dit vir NG gemeentes met meer as een leraar makliker om van hierdie herderlose VGK-gemeentes by te staan.

“Ek glo dat eenheid, soos geloof, ’n gawe en ’n opdrag is. Die Ring het in 2014 bevestig dat ons uit ’n diep teologiese oortuiging die eenheidspad met mekaar moet bly stap en dit is tydens die 2020-sitting bekragtig as die volgende logiese stap in die lig van die ruimte wat die Tussenorde aan ons bied. Gemeentes en kerkrade is gepols vir hulle reaksies rakende eenwording en die terugvoer was sonder uitsondering positief,” sê Gantana.

‘Bid ernstig vir eSwatini’

HELÉNE MEISSENHEIMER

“Hou aan bid, ons almal het dit nodig. Die dorp (Nhlangano) brand en die winkels word geplunder. Die boere se bome word gebrand,” beskryf Zachie Prinsloo, ’n vrywillige helper, die onlangse chaos in eSwatini (Swaziland) aan dr Arnau van Wyngaard, sekretaris van die Swaziland Reformed Church.

Pro-demokratiese protesoptrede het onlangs in die klein buurstaat op Suid-Afrika se noordelike grens ontplof. In die gewelddadige konflik tussen inwoners en regeringsmagte word niemand ontsien nie, blyk dit. Etlieke mense is al doodgeskiet, winkels afgebrand of geplunder en selfs landerye word aan die brand gesteeek.

Gebaseer op Piet Retief, op die grens met eSwatini, kan Van Wyngaard net bekommerd toekyk en bid. Dit is moeilik om te hoor hoe dit met lidmate gaan, want eSwatini se regering het opdrag gegee dat die selfoontorings afgeskakel word, wat beteken dat daar geen kom-

munikasie binnelands of na buite is nie – geen telefoonoproep en geen kontak via SMS, WhatsApp of op sosiale media nie.

“The devastation is great as most towns have been affected and people are frightened as the rioters try to recruit them in the middle of the night banging on their doors. Most of the food, clothes and furniture has been looted and there is no fuel available since most petrol stations have been burnt. Things have calmed down for now as the government issued a martial law yesterday asking all citizens to stay indoors. The roads have been partially opened by the Army. We are not sure if there will be any more food left in town as most shops were damaged,” rapporteer Michelle McCubbin, hoof van die Pasture Valley kinderskool buite Nhlangano.

Van Wyngaard is bekommerd dat die land op ’n humanitêre krisis afstuur weens gebrek aan toegang tot kosvoorrade. Die kerk se vyf groot voedingsprogramme, wat daaglik etes gee aan sowat 500 kinders, moes gestaak word omdat die situasie so onveilig is. Só ook moes die kerk se drie kleuterskole sluit.

“Al waarvoor ons nou kan vra is voorbeding – voor ons werklik weet wat gedoen kan word,” sê hy.

Die Sinode Hoëveld is saam met die Oostelike Sinode en die Goudland Sinode reeds baie jare betrokke by Van Wyngaard en die Reformed Church in Swaziland.

“In die afgelope dae het ons verskeie boodskappe ontvang in verband met die noodtoestand wat afspeel vanweë onrus in daardie land,” sê dr Johan Botha, aktuaris van die Sinode Hoëveld.

“In die lig van die nood in Eswatini wil ek graag ’n oproep aan lesers van *Kerkbode* rig om in hierdie tye te dink aan ons broers en susters in Christus wat in moeilike omstandighede in Eswatini moet oorleef.”



Die kantore van die Eswatini Conference of Churches – ’n ekumeniese liggaam waarby die Swaziland Reformed Church ook ingeskakel is – is ook aangeval, omdat die kerk daarvan beskuldig word dat hulle die koning ondersteun.

Kerktoering knak in stormwind

HELÉNE MEISSENHEIMER

Die ongewone gesig van ’n geknakte kerktoering het vroegoggend op 29 Junie vir ds Hannes Maasdorp en die inwoners van Willowmore in die Oos-Kaap begroet.

’n Stormwind het die vorige aand nie net bome op dié Karoodorp gebreek nie, maar ook die 57 jaar-oue kerktoering van die NG Kerk Willowmore beskadig.

Maasdorp, wat langs die kerk bly, vertel dit was ’n ‘verskriklike’ wind wat

die vorige aand gewaai het. Hy het grootgeword op die dorp en sê dit is heel ongewoon om sulke sterk wind in Junie te kry.

Die vorige aand het hy gehoor hoe ’n boom breek, maar eers die oggend gesien die kerktoering hang letterlik windskeef.

“Ek het dit nou eers gesien, niemand het my nog eens gebel nie,” sê Maasdorp, ’n afgetrede predikant wat waarnem by die gemeente terwyl die leraarspos vakant is. Die voortslepende

droogte en ontvolking van die platteland het lidmaatgetalle hier ook sien daal. Hy skat hulle het tans sowat 250 lidmate.

Die Suid-Afrikaanse Weerdiens het ’n oranje vlak 8-waarskuwing vir stormsterk wind van 100 km/h tot 140 km/h uitgereik wat van Dinsdag, 29 Junie, tot Donderdag, 30 Junie, oor dele van die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Noord-Kaap gewaai het.

• Lees meer hieroor by www.kerkbode.co.za.



NG Kerk Willowmore se kerktoering is op 29 Junie 2021 beskadig deur ’n stormsterk wind. Foto: Facebook

NGK se reaksie op nuwe huwelikswet

Uit die kantoor van dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk:

Die sluiting van huwelike en verbintenisse geskied tans aan die hand van die volgende wette:

- Die Huwelikswet van 1961 (Marriage Act of 1961).
- Die Wet op die Erkenning van Gebruiklike Huwelike van 1998 (Customary Marriage Act of 1998).
- Die Wet op Burgerlike Verbintenisse van 2006 (Civil Union Act of 2006).

In Oktober 2020 het die Departement van Binnelandse Sake (DBS) bevestig dat dit sy voorneme is om 'n nuwe konsep-huweliksbeleid in Suid-Afrika in te stel.

Wetgewing, word geargumenteer, wat tans huwelike en verbintenisse in Suid-Afrika reguleer, is ontwikkel sonder 'n oorkoepelende beleid wat gebaseer is op grondwetlike waardes en 'n begrip van moderne sosiale dinamika. Ondanks al die veranderinge wat in huwelikswetgewing ná 1994 aangebring is, is daar steeds ernstige leemtes, word aangevoer. Die huidige wetgewing reguleer byvoorbeeld nie sommige godsdienstige huwelike soos die Hindoe-, Moslem- en ander huwelike wat in sommige Afrika- of koninklike families gebruik word nie.

Gegee die diversiteit van die Suid-

Afrikaanse bevolking, is dit feitlik onmoontlik om wetgewing te aanvaar wat elke enkele godsdienstige of kulturele huwelikspraktyk beheer. Dit is teen hierdie agtergrond dat die DBS in 'n proses is om 'n huweliksbeleid te ontwikkel wat 'n beleidsgrondslag sal lê vir die opstel van 'n nuwe enkel- of omnibuswetgewing.

Die agtergrond vir die wetsontwerp is die problematiese gefragmenteerde wetgewing oor wesenlik dieselfde saak wat oor die jare ontstaan het, in die besonder die Huwelikswet (Wet 25 van 1961), die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike (Wet 120 van 1998) en die Wet op Burgerlike Verbintenisse (Wet 17 van 2006).

Die beoogde huwelikswet sal Suid-Afrikaners en inwoners van alle seksuele oriëntasies, godsdienstige en kulturele oortuigings in staat stel om wettige huwelike en verbintenisse te sluit wat ooreenstem met die beginsels van gelykheid, nie-diskriminasie, menswaardigheid en eenheid in diversiteit, soos vervat in die Grondwet.

Die publikasie van die Groenskrif oor Huwelike vir openbare raadpleging is goedgekeur. Die Groenskrif het ten doel om te werk aan die ontwikkeling van 'n nuwe wetsontwerp op die enkele huwelik en sal die huweliksregime van die land in ooreenstemming bring met die grondwetlike beginsel van gelykheid. Die Groenskrif is geensins amptelike wetgewing nie en slegs die begin van 'n konsultasieproses.

Die kwessie van poliandrie, wat 'n vrou in staat stel om meer as een gades te neem, wat heelwat traksie in die media gekry het, moet in die lig van die voorwaardelikheid van die Groenskrif gesien word.

Die Groenskrif maak voorstelle oor verbintenisse van mense uit alle seksuele oriëntasies, godsdienstige en kulturele oortuigings. Dit stel ook voor dat die moontlikheid van kinderhuwelike in 'n toekomstige huwelikswet verwyder word.

Die SA Regskommissie is deur die DBS getaak om 'n konsepvoorstel vir wetgewing voor te berei. Dit het 'n "besprekingsdokument" gepubliseer vir kommentaar. Die NG Kerk het kommentaar gelewer en deurgestuurd.

Die SA Regskommissie het twee konsep-opsies vir 'n moontlike wet op die tafel geplaas. Inhoudelik is die opsies substansieel identies, met die uitsondering van die benaming van die wetlik-beskermdede verhoudings ter sprake. Opsie 1 is getiteld *Protected Relationships Bill* en opsie 2 *Recognition and Registration of Marriages and Life Partnerships Bill*.

Sommige van die belangrikste veranderinge wat na verwagting in die nuwe wetsontwerp aangebring word, sluit in:

- Die nuwe huwelikswet sal Suid-Afrikaners van verskillende seksuele oriëntasies, godsdienstige en kulturele oortuigings in staat stel om wettige huwelike te sluit;

- Die instelling van streng reëls rondom die ouderdom van die huweliksvennote (insluitend die aanpassing van die ouderdom van minderjariges in die huwelikswetgewing tot die Kinderwet);
- Dit sal die huweliks-, huweliksgoedere- en egskeidingswetgewing in ooreenstemming bring met huweliksgoedere en intestate erfopvolgings in die geval van die ontbinding van die huwelik;
- Dit sal billike behandeling en respek vir godsdienstige en gebruiklike oortuigings moontlik maak in ooreenstemming met Artikel 15 van die Grondwet.
- Dit sal handel oor die viering en registrasie van huwelike waarby buitelandse burgers betrokke is;
- Dit sal handel oor die viering en registrasie van gewone huwelike waarby nie-burgers betrokke is, veral oorgrens-gemeenskappe of burgers van ons buurlande.

Kommentaar op die Groenskrif word ingewag en die teikendatum daarvoor was 30 Junie 2021. Die NG Kerk het reeds kommentaar gelewer en het vir die huidige daarmee volstaan. Die beplanning is dat 'n formele wetsontwerp na verwagting teen 2024 gereed sal wees vir parlementêre goedkeuring. Daar gaan dus meer as een keer vorentoe kommentaar gevra word ter verfyning van die huwelikswet omdat sekere aspekte nog uitstaande is.

'Ek is jammer vir die pyn' – Bartlett aan Van Wyk

HELÉNE MEISSENHEIMER EN LE ROUX SCHOEMAN

Dr André Bartlett het om verskoning gevra aan dr Chris van Wyk na uitlatings wat Bartlett in 2018 aan 'n *Rapport*-verslaggewer gemaak het.

Bartlett het destyds op uitsprake van Van Wyk gereageer oor "kwetsende verband" wat Van Wyk volgens Bartlett se oordeel tussen homoseksualiteit, pedofilie en bestialiteit gelê het.

"Alhoewel my kommentaar saaklik bedoel was, het die ondersoekliggaam wat die klagtes teen my hanteer het, bevind dat dit gesien kan word as gerig teen die persoon en tot benadeling van dr Chris van Wyk," het Bartlett in 'n verklaring gesê.

Dit kom nadat 'n interne ondersoekkomitee hom skuldig bevind het aan die

oortreding van die 9de gebod. 'n Vereiste van die bevinding is dat hy regstellend moet optree in die vorm van 'n openbare apologie, wat *Kerkbode* elders ten volle publiseer.

Dr Chris van Wyk is 'n leraar van Gqeberha (Port Elizabeth) en voormalige voorsitter van die Oos-Kaapse Sinode wat ten tye van die voorval 'n moderatuurslid van die Algemene Sinode van die NG Kerk was.

In September 2020 het dr Johann Ernst, 'n voormalige lid van die Algemene Sinode se moderatuur, Bartlett daarvan aangekla dat hy met sy uitlating in *Rapport* die negende gebod verbreek het.

'n Interne ondersoekliggaam, bestaande uit lidmate van die NG Kerk Vrystaat, is saamgestel om die klagtes te ondersoek. Die Ring van Johannesburg

het versoek dat die Vrystaatse Sinode die ondersoek hanteer omdat Bartlett voorsitter is van die NG Sinode Hoëveld.

Die ondersoek sou in Desember begin, maar is uiteindelik in Maart voortgesit na dit herhaaldelik weens die Covid-pandemie uitgestel moes word. Die volledige uitspraak, wat 94 bladsye beslaan, is hierdie week aan die NG Sinode Hoëveld en die ring beskikbaar gemaak. Versoeke van *Kerkbode* om toegang tot die uitslag is tot dusver afgewys.

"Ek respekteer die bevinding van die ondersoekliggaam en vra in die lig daarvan verskoning vir enige pyn en benadeling wat dr Van Wyk en sy gesin as gevolg hiervan gely het," sê Bartlett in sy 'openbare regstelling'.

"Ek wil (Van Wyk) verseker van my bedoeling om op saaklike en respekvolle wyse met hom in gesprek te wees en om

my te weerhou van enige taalgebruik wat die indruk wek dat ek sy persoon en waardigheid wil aantast."

Bartlett het bygevoeg dat hy nie jammer is nie dat hy hom uitgespreek het en ook steeds uitspreek teen enige woorde en dade wat die waardigheid van mense aantast of hulle op een of ander wyse krenk.

Ds Nelis Janse van Rensburg, moderator van die Algemene Sinode, het in Oktober gesê hy is jammer dat hy nie meer gedoen het om Van Wyk se karakter te beskerm nie.

Ernst het in sy eie reaksie op die bevinding van die ondersoekliggaam gesê daar sal tevredenheid wees "as die verhouding met en die goeie naam van dr Chris van Wyk in kerklike geleedere én in die openbaar deur dr Bartlett in ere herstel is". Ernst se volledige reaksie verskyn op bl 8.

'Dis anders om digitaal te rou'

JACOBIE M HELENA

Predikante moes sedert Maart verlede jaar, toe die Covid-19-pandemie verwoesting in Suid-Afrika begin saai het, nie net gewoon raak om digitaal tydens eredienste te bedien nie, maar moes ook hulle nuutgevonde digitale vaardighede gebruik om aanlyn begrafnis te hou.

Behalwe vir praktiese kommer oor of die Wi-Fi sterk genoeg gaan wees om die begrafnis digitaal uit te saai en of daar skielik beurtkrag ingestel gaan word, sê ds Rudi Swanepoel, predikant by Andrew Murray-gemeente in Johannesburg, dat die hele aard van die rouproses vir families en die hantering daarvan deur predikante verander het.

“Die hele rouproses is anders tydens digitale begrafnis,” sê Swanepoel. “Families besef begrafnis lyk nou anders. Daar is minder fieterjasies. Daar word nou meer op die kern, die persoon wat oorlede is, gefokus. Mense rou anders. Hulle weet die rouproses gaan langer neem. Ek dink die pandemie het

ons kom leer dat daar nie iets soos *closure* bestaan nie. Elke rouproses is uniek,” sê Swanepoel.

Ds De la Harpe le Roux van die Tweetoringkerk in Bloemfontein beaam dit en sê hy mis dit om ordentlik saam met die familie van die afgestorwene te sit en rustig oor alles wat hulle tydens die begrafnis beleef het, te praat. “Dis moeilik om digitaal met die familie tydens hulle rouproses, wat lank na die begrafnis voortduur, te gesels. ’n Mens probeer maar met WhatsApp en oproepe, maar dis totaal onbevredigend,” sê Le Roux.

Die digitale rouproses is egter nie net tans uitdagend vir die families wat die predikante tydens begrafnis moet begelei nie, maar het ook ’n invloed op die emosionele welstand van die predikante sêlf. Dr Marina Strydom, leraar by NG gemeente Ooskerk in Pretoria, vertel sy het onlangs spottenderwys na die uitdaging wat die Covid-19-pandemie vir leraars inhou verwys en gesê dat dominees ná die pandemie *mental health holi-*



Begrafnis lyk tydens die Covid-19-pandemie geweldig anders, vertel leraars wat ook families tydens hulle rouproses digitaal moet ondersteun. Ds Marco Koch, predikant by NG gemeente Eros in Windhoek, Namibië, vertel dat hy die laaste week vyf begrafnisse in een week aanlyn moes hanteer.

Foto: Marco Koch

days gaan nodig hê. Minwetend dat sy tydens die derde vlag van die Covid-pandemie, wat Gauteng tans oorweldig sal besef hóé waar die woorde eintlik is.

Swanepoel stem saam. Hy vertel dat die meeste predikante in Gauteng,

waarvan hy weet, deur uiters moeilike tye gaan. “Dis ’n worsteltyd. Die meeste predikante word tans gerek soos ’n rekkie wat ’n mens verder en verder uitrek en ’n mens weet nie wanneer dit gaan *snap* nie,” verduidelik Swanepoel.

Verwerk die ‘voortslepende Covid-trauma’ so

HELÉNE MEISSENHEIMER EN
CONETTE LE ROUX

Sy het die afgelope ruk vele pasiënte en boonop haar venoot as gevolg van Covid-19 aan die dood afgestaan, vertel ’n algemene praktisyn van Sasolburg in die Vaal-driehoek.

“Ek vrees dat my pasiënt, vir wie ek ken en vir wie ek omgee, gaan swaar kry of selfs sterf, soos van ons geliefde pasiënte, oud en jonk, gedurende die afgelope paar maande gesterf het. Self is ek so bang om dit weer te kry. Tog net nie wêér siek of hospitaal toe nie, asseblief, Here?” is hoe dr Anske van As, wat ’n privaat praktyk in Vaalpark het, haar emosies verwoord.

Van As het ook vroeër vanjaar met Covid-19 in die hospitaal beland. Sy het ’n vorm van hartspierontsteking gehad en ’n breinskandering het klein klontjies in haar are ontdek. Maar sy het intussen deur die “genade van Bo” herstel.

Ds Maartje van der Westhuizen, predikant van die NG gemeente Elarduspark in Pretoria, het so pas herstel van Covid-19. Sy vertel dat dit moeilik is om heelyd te bepaal hoeveel lidmate siek is, hoewel hulle hulle bes probeer om ’n lys by te hou. “Ek het onlangs in een week met 10 gesinne gesels waar daar Covid-19 was. Die meeste lidmate ken ook iemand wat dood is aan Covid. Die situasie met min plek in hospitale skep baie ang.

“Ek dink wat vir predikante moeilik is, is dat ons so graag wil help, maar ons weet nie altyd hoe nie omdat inter-

aksie beperk word. Ons moet nou baie kreatief dink hoe om mense te bereik,” sê Van der Westhuizen.

Volgens haar gaan dit in die toekoms, wanneer ons weer met groepe in aanraking kan kom, uiters belangrik wees om ná die hewige trauma te “debrief”.

Die voortdurende koronaviruspandemie het inderdaad ’n hewige effek op alle Suid-Afrikane se emosionele toestand, beaam kundiges.

Volgens Melody Ngcuka, ’n sielkundige in privaat praktyk, is daar sedert die aanvang van die Covid-19-pandemie ’n groot toename in pasiënte (dokters en verpleegpersoneel ingesluit) met ang-, paniek- en posttraumatische stresversteurings.

“Mense ervaar tans al die emosies wat met verlies gepaardgaan – skok, woede, emosionele pyn. Maar dit strek nou verder as slegs verlies, omdat dit op ’n groter skaal is. Dit (die virus) is genadeloos en barbaars, wat beteken dat daar geen gevoel van ‘begin’ of ‘einde’ is nie. Die Covid-ervaring is ook ’n voortslepende trauma. Dit beteken dis nie slegs verlies nie, dit is ’n traumatiese verlies vir almal,” verduidelik Ngcuka.

Ngcuka sê dit is uiters belangrik om aan die pyn, wat as gevolg van dié traumatiese verlies ervaar word, uiting te gee. “Gee uiting deur te huil, jou pyn te verbaliseer, hou ’n joernaal of praat met ’n terapeut, predikant of vriende. Vind betekenisvolle maniere sodat jy vorentoe kan beweeg.”

Ngcuka, wat reeds die afgelope 24

jaar berading gee, bied die volgende wenke wat jou kan help om die Covid-trauma te verwerk.

Ingesteldheid teenoor verandering

Wanneer jy sielkundige trauma ervaar het, is dit soms moeilik om die lewe met positiewe aanpak te pak, sê Melody. Volgens die Bybel is daar ’n tyd en ’n seisoen vir alles. Die lewe is dinamies en ons moet gedurig by verandering aanpas – binne onself maar ook buite onself.

Perspektief is alles! Die betekenis wat jy toeskryf aan wat of wie jy verloor het sal bepaal of jy vorentoe beweeg of ineenstort. Ons vind soms betekenis in swaarkry en dis ’n proses wat nie aangejaag moet word nie, maar waaraan jy doelbewus moet deelneem. Voorgestelde leesstof: *A man's search for meaning* van Victor Frankl.

Verminder onsekerheid

Dit gaan tans eerder ’n individuele reis as ’n groeppoging wees. Deel daarvan om onsekerheid te verminder is om ingelig te bly. Dit beteken egter nie jy moet die nuus slaafs navolg nie. Weet dus wat om jou aangaan sonder om *consumed* te word.

Dink raseel

Dit wat jy dink bepaal hoe jy voel, wat weer direk jou optrede bepaal. Dit is onmoontlik om te ontken wat om jou aangaan, maar onthou – as jy glo ons is verslaan, sal ons verslaan word. Probeer om die veranderinge in jou

lewe raseel te prosesseer en begin om aan alternatiewe planne te dink.

Ondersteuning

Ondersteuningsnetwerke is uiters belangrik. Daar is verskeie maniere om steeds met ons geliefdes te kommunikeer. Probeer egter om negatiewe mense te vermy wanneer jy nie op die regte emosionele plek is nie. Ondersteuningsgroepe wat bestaan uit mense met dieselfde geloof werk baie goed omdat dié mense dieselfde waardes het.

Organiseer en beplan

Die meeste mense werk tans van die huis af. Vind ekonomiese maniere om ’n gemaklike huiskantoor te skep. Struktureer jou werksure en skep grense wat gesinslede betref.

Ontspan en oefen

Selfs wanneer jy tuis is, is alleentyd baie belangrik om kwessies soos irritasie hok te slaan. Probeer stokperdjies beoefen en oefen gereeld omdat dit noodsaaklik vir stresverligting is.

Berading

Dit is nooit ’n slegte idee om professionele hulp te kry wanneer jy sukkel om te funksioneer nie.

Voedsel uit die Woord

Bo alles moet jy jouself met die Woord voer. Wanneer jy totaal oortuig is dat jou lewe in God se hande is, sal jy innerlike vrede ervaar, ten spyte van die eksterne chaos om ons.

Pelgrimspad

Dit was maar die tweede groep stappers wat onlangs van Uniondale tot Mosselbaai gestap het en so hulle lyf pelgrims gehou het. Ons berig in hierdie uitgawe breedvoerig oor hierdie beplande nuwe toevoeging tot die Pelgrimstog van Hoop. Tyd sal leer tot hoe 'n mate hierdie roete homself in die tydsgees en stappers se jaarbeplanners vestig. Dit is 'n ervaring om met soveel gasvryheid ontvang te word deur boere en die hele Langklooflandbougemeenskap in 'n deel van die wêreld wat miskien nog nie heeltemal die besoekers-buzz van 'n Oudtshoorn met sy gevestigde kunste-teesritmes of George met sy hordes Tuinroetevoete het nie. Daar is langs hierdie agterpadroete wat vir pelgrims berei is deurgaans 'n opvallende kontras: Baie hartlikheid en geselsies met mense langs die pad. Asook 'n stilte wat jou saam stilmaak.



Foto: Ems Grundling

En as jou broer of suster sondig ...

Jan Lubbe
GASRUBRIEK

Kerklike dissipline gaan oor versoening, nie 'n sege nie, skryf Jan Lubbe.

Dalk staan die beskeie boek iewers vergete op 'n rak in die pastorie: *En as jou broeder sondig ...* Dié titel van wyle prof Willie Jonker se klassieke besinning oor “aspekte van die kerklike tug” (1959), kom uit Matteus 18:15 – Jesus se woorde: “As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen.” Dít was die konteks vir Jesus se mededeling dat waar twee of drie in sy Naam byeen is, “Ek by hulle is” (Matt 18:20). Waarom dáár? Omdat dit die kern is van waaroor die omsien na mekaar – in kerklike dissipline – behoort te gaan: Christus se teenwoordigheid tussen ons. Buiten Hóm om is daar geen *communio sanctorum*, geen gemeenskap van die heiliges nie. Ook Jonker sluit sy boek met dié gedagte af: “Tug” kom net tot volle reg “as die ware geestelike gemeenskap tussen die lede en hulle Hoof en tussen lede onderling bestaan.” Daarom moet ons bid dat die Gees ons (kerk)gemeenskap sal “verlewendig” (1959:198).

Matteus 18 is ook die teks waarmee die *Kerkorde van die NG Kerk* (2019) begin, wanneer haar prosedure vir “Kerklike opsig, tug en dissipline” in Artikels 59 tot 61 en Reglement 22 uitgestippel word. Dié stel dat “tug” oor die eer van God, heil van die kerk en behoud van die sondaar gaan en ooreenkomstig die Woord, belydenisskrifte, kerkorde en diensooreenkoms moet geskied. Laat ons maar erken: Dikwels is die Woord bloot 'n Skriflesing en gebed ter opening van die verrigtinge, waarna vir die res van die uitmergelende dag kerkorde en kontrak juridies die deurslag gee.

Hoe sou die teenwoordigheid van die lewende Woord – Christus – hier ge-

stalte kon kry?

Die eerste vraag wanneer 'n klag of gerug op die tafel van 'n kerkvergadering gebring word, moet dít wees: Hét jy met jou broer of suster hieroor gaan praat? Het hy nie geluister nie en het jy toe iemand saamgevat (Matt 18:15-17)? Dit gaan immers oor die *communio sanctorum* waarin “klaer” en “aangeklaagde” deel. In die eerste eeu al het Biskop Klemens van Rome vir daardie bekende gemeente wat so geteister is deur partyskappe – die Korintiërs – geskryf: “Waarom trek en skeur ons die lede van Christus uitmekaar en draai ons teen ons eie liggaam? Waarom is ons so onredelik dat ons vergeet dat ons as lede van die liggaam van mekaar afhanklik is” (46:7)? Dít, gaan Klemens voort, is waarom “baie mense die pad byster raak, in moedeloosheid verval en dit vir ons almal hartseer bring” (46:9). Wat persoonlik en pastoraal hanteer behoort te word, moenie in die publiek kerkpolitiek van gemaak word nie. Menige uitgerekte “tugsak” kon al vermy gewees het as by Matteus 18:15 se vereiste gebly is. Daarom beveel die kerkorde “herderlike sorg, versoeningsaksies, verhelderende gesprekke of kerklike mediasie” (Artikel 4, Reglement 22) aan, om te voorkom dat 'n kerklike vergadering 'n platform word vir een of ander persoonlike vete of 'n geboelie. Sou ons in die Gees van Christus wou handel met mekaar, is daar nie 'n ander beginpunt as dít nie: die *communio* waarvan Jesus getuig “Ek is in hulle twee of drie se midde”.

'n Tweede vraag “wanneer jou broeder sondig” is of en hoe dit wat gebeur het, ons brose *communio sanctorum* raak? 'n Paar bladsye ná Matteus 18, veroordeel Jesus die Fariseërs skerp omdat hulle God se wil in tiendes van komy en kruisement afmeet, maar “wat volgens die wet van God die swaarste

weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid”; dat hulle muggies uitsif, maar kamele insluk (Matt 23:23-24). Kerklike dissipline gebeur in 'n konteks – van 'n *communio* in 'n spesifieke tyd en landskap – en vereis daarom van alle betrokkenes kritiese selfondersoek.

Wanneer dissiplineer ons wie waaroor? Lees 'n mens kerkraadsnotules uit die vyftigerjare toe *En as jou broeder sondig* verskyn het, ontdek jy dat “tugsake” in NG gemeentes veral oor die 7de gebod gegaan het: oor egbreuk en swangerskappe van ongetroude tienermeisies. Sý moes dan vrou-alleen (want meestal het die man naamloos uit die notule verdwyn) voor die kerkraad verskyn, is “bestraf” en tot ná haar kindjie se geboorte van die Nagmaalstafel uitgesluit. Terwyl buite, die land gebrand het: Apartheidswetgewing oor rasseklassifikasie, groepsgebiede en die dompas is afgedwing; 'n NG gemeente teen die hang van Tafelberg het by die minister aangedring op die sloping van Distrik Ses. Terwyl die Heidelbergse Kategismus die 6de gebod uitlê: “Ek mag nie my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie; ons moet alles wat die naaste kan benadeel, sover moontlik voorkom” (Sondag 40). En die 8ste gebod: “God beskou as diefstal al die skelmstreke of liste waardeur ons ons naaste se besittings in die hande probeer kry, hetsy met geweld of 'n skyn van reg” (Sondag 41).

Die afgelope maande – onder die ontreding van Covid-19 – is die 9de gebod op die strydbanier geskryf: “Ek mag teen niemand vals getuie aflu, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees, niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie” (Sondag 43). Wat beteken dit in 'n konteks van fopnuus, ongebreidelde vrye sê in sosiale media en felle debatte oor die 2015-, 2016- of 2019-sinode-

besluite, oor “liberale teologiese opleiding”, oor “dolering”? Geld die “niemand” net vir sommige? Is “my naaste (wie) se eer en goeie naam ek (moet) verdedig en bevorder” (Sondag 43) net hulle wat soos ék dink, doen en bid? Dan is ons mos besig om 'n *communio sanctorum* na óns beeld te maak?

'n Laaste opmerking: Jesus se woord was dat as die “broer wat gesondig het, luister, het jy hom teruggewen” vir die *communio sanctorum*. Tóé het Petrus vir Jesus gevra oor vergifnis en het Hy geantwoord, “sewentig maal sewe”; “jul-le moet elkeen sy broer van harte vergewe” (Matt 18:22, 35). Vergewe, nie verneder nie. Kerklike dissipline gaan oor versoening, nie 'n sege nie. Oor barmhartigheid, het Jonker dit as eerste rede vir Jesus se woorde in Matteus 18 genoem; die “teerheid en liefde van Christus” (1959:8). En Christus is on-eindig barmhartiger as wat die kerk in haar eie oë heilig is, het prof Dolf Britz – oudstudent van Jonker – eens in *Kerkbode* geskryf. Soos Klemens van Rome aan die twistende Korintiërs skryf: “Van die baie deure wat oopstaan, is die deur van geregtigheid die deur van Christus” (48:4). Watter deur kies ons en hoe gaan ons met mekaar op weg?

Miskien is dit tyd dat die taal van ons kerkorde hersien word om die woord “tug” deurgaans met “kerklike dissipline” te vervang. Eersgenoemde se oud-Nederlandse oorsprong van “(nader)trek” het in ons Afrikaans verhard; laasgenoemde herinner ons dat hierdie gesprek met die “broer wat gesondig het” van ons almal weer dissipels wil maak – hulle wat luisterend en lerend, ootmoedig in die voetspore volg van Hom wat hulle tot 'n *communio sanctorum* geroep het.

► *Ds Jan Lubbe is leraar van die NG Kerk Berg-en-Dal in Bloemfontein en kerkhistorikus.*



Help mekaar met karaktervorming

Die emosionele en geestelike impak wat die Covid-19-pandemie op ons maak, is onberekenbaar.

In die dekades wat kom sal analiste skryf oor die invloed wat die pandemie gehad het op die ekonomie, kommunikasiepatrone, personeelbestuur, bevolkingsaanwas, die versnelling van die vierde industriële rewolusie (4IR) en talle ander onderwerpe.

Die gevolge van die pandemie vir die kerk sal ook eers met verloop van tyd bereken kan word. Hoe kerkbywoning, dankoffers, leraarsposte, projekte en selfs mense se geloof beïnvloed is, sal sekerlik die onderwerp van baie besprekings wees.

Op die oomblik, in die krisis, is mense se hartseer en verliese prioriteit nommer een. Ons treur oor ons eie verliese, maar ook saam met ander wat treur. Ons hart is seer oor families en gemeenskappe wat geliefdes en steunpilare verloor het en die grootste aanpassings moontlik moet maak. Baie van ons is erg getraumatiseer. Ons gevoel van veiligheid is onherroeplik verander, die grense is geskuif, die angste oor wat moontlik verkeerd kan gaan, lê vlak onder die oppervlakte van ons skynvertroue. Ons soek beskerming en troos, hoop en inspirasie. Ons pleit by God vir broers en susters, ouers en kinders, en wonder dikwels ongemaklik oor die vraag waarom sovele gebede nie

verhoor word nie. Samekomste is verbied en die ondersteuning van geloofsvriende kom deur sosiale media. Ons is broos.

In hierdie selfde tyd is daar politieke spanning in die land. Sodra ons hoop begin opvlam dat ons land deur die onderste draaipunt van verval beweeg het, is daar weer slegte nuus, nog 'n hofgeding, nog 'n stuk selfbelang wat ontbloot word.

Mense wat bang is, skuil, of dit nou vir Covid is of vir die samelewing se verval. Dit is natuurlik. Hulle sonder hulleself af en nie net omdat die president so sê nie. Oorlewing word die enigste prioriteit. Alles keer op eie voortbestaan in. In die proses word die fokus van die totale bestaan finaal ontbloot – dit is die ek. Maar dit is nie noodwendig so sleg as wat dit aanvanklik klink nie. Lewers moet ons almal innerlik 'n draaipunt bereik. Ook wat die selfbelang betref. Lewers moet ons begin verstaan dat die pandemie ons kan bring tot 'n nuwe manier van bid, nie net vir oorlewing nie, maar vir 'n nuwe soort van lewe. Lewers moet ons begin verstaan dat die hoop van Christus in my aktief moet word. Wat ons doen volg op wie ons is.

In hierdie tyd van gestroop wees is wie ek is dalk ten regte die belangrikste onderwerp vir gebed. Wat ons nodig het is 'n nuwe etiek van wees, van karakter.

Dit sal lei tot 'n nuwe etiek van deugde. Dan sal die konsensus oor twintig jaar van nou wees dat Christene hulle self tydens die pandemie innerlik herdefinieer het tot beeldraers van God, pelgrims, volgelinge van Jesus wat waarheid en geregtigheid liefhet, wat bereid is om hulle lewe daárvor te gee. Daar sal getuïenisse wees van Christene wat uit hulle afsondering getree het en drumpels oorgesteek het om die liefde en geregtigheid te gaan beoefen waartoe hulle gevorm is in 'n biddende openheid voor God. Hierdie word 'n tyd van kritiese keuses vir elke kerkmens. Maar die eerste besluit is om te bid, vir genesing, van jou karakter.

Mense besluit nie individueel om afsydig en onverskillig te staan teenoor die wêreld waarin hulle leef nie. Mense is deelnemers aan 'n kultuur van afsydigheid en onverskilligheid teenoor die wêreld waarin hulle leef. Daarom is die verkryging van vooroordele, afsydigheid en onverskilligheid teenoor ander dikwels die onbewustelike en 'onskuldige' gevolg van deel wees van 'n bepaalde samelewing. Die gebed om genesing van die karakter is dus nie net 'n individualistiese ding wat moet gebeur nie, maar benodig 'n gesamentlike poging. Ons sal mekaar moet help met karaktervorming.

Ek is bevrees dat ons op die oomblik in vele opsigte mekaar in die steek laat. Daar het 'n gewoonte by kerkmense

ontstaan om enigiets kwyt te raak oor ander mense in die kerk: Hulle is liberaal of hulle is liefdeloos, hulle is ongereformeerde of onbybels, hulle is sus of so. Wie hom of haar skuldig maak aan hierdie soort uitsprake sê meer van die eie karakter as van die teologie van ander. Beskuldigings en veralgemenings van hierdie aard isoleer mense verder. Dit is lewennemend. Dit getuig nie van nuutgevormde karakter in die teenwoordigheid van Christus in tye van broosheid nie, maar van meerderwaardigheid en 'n beterveterigheid.

Voor ons lê daar munisipale verkiesings. Ons besorgdheid oor die gemeenskap se belange, en beskikbaarheid om in die gemeenskap te werk en te dien, gaan aandui hoe ons karakters gevorm is tydens die pandemie. Gaan ons hekwagters wees van ou ordes, of gaan ons die drumpels oorsteek na die gemeenskappe waarvan ons deel is, sonder ou subtiel aangeleerde vooroordele?

Ons gaan uit die pandemie kom met óf 'n geneeste karakter en etiek, óf 'n belading van nuwe agterdog en vooroordele. Mag ons ontmoetings met God in hierdie dae sodanig wees dat hulle oor twintig jaar steeds sal getuig van die nuwe lewe wat uit die pandemie gespruit het.

► *Ds Nelis Janse van Rensburg is predikant van die NG gemeente Welgemoed en voorsitter van die Algemene Sinode se moderamen.*

Die koninkryk vanaf koloniale kansels



GASRUBRIEK

Cas Wepener

Om met eerstejaar tokkelokke oor prediking te gesels, is soos om vir tieners 'n lesing oor die belang van 'n pensioenfonds te gee. Preek is nog nie op hulle radar nie. Wanneer jy met finalejaar tokkelokke oor dieselfde tema gesels, het jy hulle aandag. Hulle het al gepreek, daaroor gedink, het dus vrae en doen hulle naam gestand deur "talk-a-lots" te wees.

Onlangs was ons 'n klein paneel uit die bediening en akademie wat met hulle gesels. Die gesprek vloei. 'n Stil student agter in die klas steek sy hand op. Hy verwys na die groot NG kerkgeboue wat oor die land versprei staan. Wanneer hy na ons kerkgeboue en die kansels kyk, sien hy nie wat NG lidmate en toeriste sien nie – Carl Otto Hager, Gerard Moerdijk, Anton Anreith en 'n besondere Suid-Afrikaans Gereformeerde estetika. Nee, hy sien Van Riebeeck, Malan, Verwoerd en kansels as simbole van kolonialisme, slawerny en apartheid.

Dit is 'n goeie gesprek. Eerlik. Ons

probeer mekaar help.

Maar wat het sy siening van NG kerke en kansels met prediking te make? In ons dag alles.

Wat presies is sy vraag? Dít: Is dit werklik moontlik om die koninkryk van God vanaf koloniale kansels te verkondig? Met ander woorde, hoe klink dit dat ek my allereers beywer vir die koninkryk van God wanneer ek op so 'n kansel staan? Die woorde op die kansel doek lui: "So spreek die Here", maar dit is 'n aandadige kansel. Nie net histories aandadig nie; postkoloniale teorie wys juis daarop dat kolonialisme en die gepaardgaande onderdrukking nie oor is nie, maar in verskeie vorme in ons samelewing gedy. En, belangrik, predikers (soos die skrywer van hierdie rubriek) is rolspelers in die samelewing wat die status quo soms met woorde dien: hoogmoediges bemoedig; maghebbers op hulle trone hou; geringes nie verhoog nie; behoeftiges met leë hande wegstuur en rykes oorlaai.

Wat moet ons die student antwoord? 'n Mens sou ten minste drie scenario's kon verken. Opsie 1 – ignoreer die vraag, druk my homiletiese kop in die sand en gaan aan met *business as usual*. Opsie 2 – hou veilings, verkoop, pak op, sluit die geboue. Opsie 3 – neem die student ernstig op en dekoloniseer NG kansels.

Volgens Sarah Travis beteken postkoloniale prediking dat ons *die wêreld vanaf die kansel moet benoem soos dit is, en soos dit mag word*. Dit klink eenvoudig; dit is nie.

Dit vra dat ek onderstebo teen die plafon van my studeerkamer gaan sit wanneer ek my preek skryf, want ek moet op alle vlakke die wêreld om my anders begin beleef. Ek moet dus uit my pad gaan om nie altyd net wat reeds is, te bevestig en te beaam nie. Dit beteken die wêreld wat benoem moet word soos dit is, is nie noodwendig my (bevoorregte) wêreld nie. Ek gaan daarom moet moeite doen om uit te vind presies wat daardie wêreld dan nou behels – wie

word gewoonlik gehoor, wie nie; waarom, waarom nie?

En om die wêreld te benoem soos dit mag wees, dit is om God se droom vanaf die kansel te droom. Daardie droom is nie noodwendig my en die mense wat voor my sit se droom nie, my preek mag selfs vir my en hulle soos slegte nuus klink. Hoe doen ek dit dan? Ek vermoed dit begin by hoe ek my konteks en die Bybel lees, nie net vanuit my dominante en redelik magtige perspektief nie. Die preek wat daaruit voortvloei, sal noodwendig woorde wees wat 'n totaal ander wêreld skep.

Wanneer predikers begin om die wêreld só te benoem en te verbeel, verander die student se vraag of dit moontlik is om vanaf ons koloniale kansels te preek, na 'n dringende opdrag om dit te doen. En juis vanaf sulke kansels die sin: "Die koninkryk van God is soos ..." te voltooi.

► *Prof Cas Wepener doseer Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Kennisgewing van dolering

NG Gemeente Die Strand:

Tydens die algemene kerkraadsvergadering van Die Strand-gemeente van 9 Junie 2021 het die kerkraad die volgende besluit geneem:

Die kerkraad van Die Strand-gemeente is ernstig bekommerd en hartseer oor die stand van sake in die kerk en die samelewing, en het daarom 'n

besluit geneem dat ons nie met die 2019 en ander besluite van die AS, wat strydig is met die Woord van God saamstem of dit in hierdie gemeente sal leer of sal toelaat dat dit geleer word nie. (Volledige uiteensetting en verklaring is beskikbaar.)

Die kerkraad het na deeglike bestudering en oorweging van die inhoud van die Leergids asook deeglike navorsing rakende selfdegeslagverhoudings tot die besluit gekom dat die besluite van die Al-

gemene Sinode van die NG Kerk teenstrydig is met die voorskrifte van die Bybel soos wat ons dit verstaan en glo. Ons erken dat daar lidmate in ons gemeente is wat anders voel oor hierdie sake waarvoor ons begrip en respek het.

Besluit:

Dit is met hartseer en opregtheid dat die NG Gemeente Die Strand, hiermee kennis gee dat ons amptelik in 'n staat van dolering gaan om daarmee kennis te gee dat ons onself nie met die ge-

noemde besluite wat deur die Algemene Sinode geneem is, kan vereenselwig nie.

Derhalwe besluit die kerkraad ook dat geen verdere fondse na die plaaslike sinode/algemene sinode oorbetal sal word nie, totdat daar 'n daadwerklike inkeer kom en teruggekeer word na die waarheid van die Woord van God.

Voorsitter van die kerkraad:

Ds Frikkie van Niekerk

Ondervoorsitter van die kerkraad:

Oudl Cas Fourie

Johann Ernst: Reaksie op verhoor

Dr Johann Ernst skryf op 27 Junie 2017:

Dr André Bartlett is skuldig bevind aan die oortreding van die 9de gebod, naamlik "jy mag geen valse getuienis teen jou naaste gee nie". Al vyf die aanklagte het om dieselfde beweerde oortreding gehandel en daarom is die aantal aanklagte wat ingedien is van geen belang vir die uitkoms van hierdie ondersoek nie. Dat dr Bartlett nie aan die ander aanklagte skuldig bevind is nie, maak hom nie minder skuldig aan die oortreding van die 9de gebod nie. 'n Skuldigbevinding op een van die aanklagte is daarom ook genoeg om nie verdere aksie teen die bevindinge van die tugliggaam te neem nie. Dit kon goedsdiks die enigste aanklag wees wat ingedien is, en dan was die uitslag presies dieselfde: skuldig aan die gee van valse getuienis teen die naaste.

In veral die openbare pers word hard probeer om die erns van hierdie

oortreding in dié verband te onderspeel. Tog is dr Bartlett skuldig aan die oortreding van die 9de gebod, is hy daarvoor getug en wórd daar regstellende optrede van hom vereis.

Dr Bartlett is nie tereggewys nie, maar hy is 'n amptelike tugmaatreël opgelê, naamlik bestraffing. Dit is hartseer dat 'n lid van die Algemene Sinodale Moderamen, moderator van 'n sinode, kerklike dosent by 'n universiteit en predikant van 'n gemeente deur 'n tugliggaam vir die oortreding van die 9de gebod bestraf word en dít oor wat hy 'n persoon wat 'n soortgelyke posisie beklee het met opset in die openbaar aangedoen het. Ongelukkig bly die toepassing van die tugmaatreël nou teenoor sy naam staan en word sy kerkraad, ring, sinode se regs-kommissie en die Algemene Taakspan Predikantesake daarvan in kennis gestel.

Dit is van belang om te weet wat die aanklag behels waaraan dr Bartlett skuldig bevind is. Dié aanklag lees: Dat

die aangeklaagde hom in die openbaar en op ergerlike wyse skuldig gemaak het aan die oortreding van die negende gebod deur op 23 September 2018 in die Sondagkoerant *Rapport* tot oneer, belastering en veroordeling van dr Chris van Wyk te sê:

- dat dr Van Wyk met guerrilla-oorlogvoering op sosiale media besig is;
- dat dr Van Wyk niks amptelik doen nie, maar verdeeldheid saai met inskrywings op sy persoonlike Facebook-blad;
- dat dr Van Wyk vir ds Janse van Rensburg en die res van die kerk se leierskap, waarvan dr Van Wyk self deel is, ondermyn;
- dat dr Van Wyk se standpunt oor gay-wees en pedofilie neerkom op haatspraak;
- dat dr Van Wyk met handskoene hanteer word en dat die kerk versuim om haar van sulke uitsprake te distansieer; en
- dat iemand dr Van Wyk behoort

aan te gee daarvoor, maar dat dit lyk of niemand die moed het om teen hom op te staan nie.

Die tugliggaam het uitspraak ten opsigte van elk van hierdie valse uitlatinge van dr Bartlett gegee en hom op elkeen (al 6) afsonderlik skuldig bevind en afsonderlik getug.

Dr Bartlett is tot die einde van 2021 gegee om die skade wat hy dr Chris van Wyk se goeie naam (fama) aangedoen het, te herstel. Daarvoor moet ook terugvoering aan die Ring van Johannesburg gegee word. Uiteraard kan daar 'n verdere aanklag dien en 'n opvolgende tugmaatreël toegepas word as berou, bekering en herstel uitbly.

Daar sal tevredenheid wees as die verhouding met en die goeie naam van dr Chris van Wyk in kerklike gelede én in die openbaar deur dr Bartlett in ere herstel is. Dank aan die lede van die tugliggaam vir die moeisame hantering van die saak.



Nehemiah Bible Institute

EMPOWERING CHURCH LEADERS
FOR MINISTRY THROUGH
DISTANCE LEARNING

Practical
Affordable
Africa focused
Accredited

Please SMS or WhatsApp
on 062 887 4047

nbi@bmedia.co.za

021 864 8258

www.nehemiah.co.za



Jaco Strydom gesels met **André Bartlett**

'n Besige man met sterk opinies

Dr André Bartlett is 'n besige man. Hy is onder andere voorsitter van die Hoëveld Sinode, 'n skrywer wat besig is met sy derde boek, hy is verantwoordelik vir voortgesette bedieningsontwikkeling by die Universiteit van Pretoria en 'n predikant by Johannesburg gemeente. Maar as 'n mens sy naam vandag hoor, dink jy veral aan sy betrokkenheid by die gay-debat in die NG Kerk.

Waar het alles begin?

“Ek was nog altyd lief vir die kerk en het in 1974 in my graad 11-jaar met die Jeug-tot-Jeugaksie tot die oortuiging gekom dat die Here my roep om predikant te word,” vertel André. Hy het in die Moot in Waverley grootgeword en skoolgegaan by Laerskool Voorpos en Hoërskool CR Swart. Sy oupa was 'n predikant en André het van kleins af baie nou met hom geïdentifiseer. Na skool studeer hy Teologie by Tuks.

'n Persoon wat tydens sy studentejare 'n groot invloed op hom gehad het, is prof Carel Boshoff. “Hy was vir my 'n vaderfiguur en mentor,” sê André, “en het my aan die Belydenis van Belhar bekendgestel.”

Ons gesels oor die gay-gesprek in die kerk. Waarom is dit vir hom so 'n groot passie?

André vertel dat daar deur die jare verskeie interaksies met gay mense was wat hom diep geraak het. Toe hy byvoorbeeld destyds as kapelaan op die grens was, het hy 'n koffiekroeg op die been gebring waar hy geestelike gesprekke met van die troepe kon hê. Een aand het 'n homoseksuele man met hom kom praat. Hy het vir die jongman gevra: “Hoe dink jy voel God oor jou?” André sê hy het gedink die ou sou sê hy weet dat God lief is vir hom, maar toe sê die man: “Ek dink God dink ek is 'n hond.”

Hierdie woorde het André diep geraak en hy het gevoel daar is iets groots fout met die kerk as dit is hoe ons gay mense laat voel.

Later het hy betrokke geraak by 'n sinodale studiekommissie oor die pastorale versorging van gay mense in die samelewing en by ander kerklike en akademiese gesprekke oor die saak.

André word vandag deur 'n klomp mense bewonder vir die durf en oortuiging waarmee hy opstaan vir gay mense in die kerk, maar 'n klomp kerkmense is ook kwaad vir hom. Daar is onlangs vyf klagte teen hom ingedien en die uitslag van die tugverhoor is pas aangehoor by die hoofkantoor van die Hoëveld sinode. Sy reaksie hierop is op *Kerkbode* se webwerf gepubliseer en die *Kerkbode*-redaksie het oor die gebeure berig.

André moes al dikwels kritiek verduur wanneer hy sterk gevoel het oor 'n saak. “Die mense was destyds net so kwaad vir my oor my sienings oor die Belhar-belydenis,” sê hy. “Maar ek het agtergekom die mense wat my goed ken is oor die algemeen minder negatief oor my, al stem hulle nie met my saam nie.” Hy sukkel om stil te bly wanneer daar ongeregtigheid is en veral wanneer hy voel dat mense se waardigheid aangetas word.

André sê dit is nooit lekker om gekritiseer te word nie, maar hy beleef dat, ten spyte van weerstand, daar ook deesdae groeiende openheid in die gay-gesprek te bespeur is.

“Ek dink daar is 'n toenemende aanvaarding van gays in die samelewing en in die kerk. In meer tradisionele gemeenskappe is daar nog weerstand, maar dit is minder heftig as voorheen. Gays het ook groter vrymoedigheid om openlik hulle seksuele oriëntasie te verklaar en dit maak dat baie vooroordele

en stereotipes van die verlede afgebreek word,” sê hy.

Ek vra hom oor die nuwe Pepuda-wetgewing. Wat is sy opinie? Is mense verniet bekommerd? Moet ons die voorgestelde wetgewing teëstaan of moet ons dit steun?

André sê hy is nog nie goed genoeg bekend met die volle inhoud van die wetgewing en wat dit alles sou beteken nie en sal eers graag meer wil uitvind, voor hy te veel daaroor sê. Hy waarsku egter dat ons in ons poging om goddiensvryheid voor te staan en te beskerm, versigtig moet wees dat dit nie lyk of ons diskriminasie wil goed praat of regverdig nie.

“Ons behoort die beginsel wat in die Pepuda-wetgewing ter sprake is te steun, en saam met ander kerke en burgerlike organisasies 'n bydrae te lewer om die knelpunte en leemtes in die wet uit te skakel,” sê hy.

Wat is die groot uitdaging vir die NG Kerk in Suid-Afrika vandag?

“Die grootste uitdaging vir die NG Kerk is om op plaaslike, streeks- en landwyse vlak saam met ander kerke op 'n daadwerklike wyse 'n verskil te maak aan die gemeenskappe en samelewing waarvan ons deel is. Dit sluit geestelike en materiële versorging en verhoudingsbou in. Die liefde van God en die vrede van Christus moet al meer in ons sigbaar word,” sê André.

André is wyd betrokke by groot en diep dinge in die kerk maar hy glo ook in die “work hard and play hard” beginsel. Hy is lief vir tuinmaak, kook, lees, musiek en fliék – veral met 'n glas rooiwijn. Hy sê sy geestelike batterye laai wanneer hy met familie en vriende kuier.

Sy gunsteling Bybelvers in hierdie tye is Jesus se woorde in Johannes 20:21: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”

► *Ds Jaco Strydom is verbonde aan die NG gemeente Villieria in Pretoria en die Echo-jeuggemeenskappe.*



“Die grootste uitdaging vir die NG Kerk is om op plaaslike, streeks- en landwyse vlak saam met ander kerke op 'n daadwerklike wyse 'n verskil te maak aan die gemeenskappe en samelewing waarvan ons deel is.”

Gay mense word nog steeds gebrandmerk

MIAS VAN JAARVELD

Naar vriendskap zulk een mateloos verlangen.

“So ’n eidelose begeerte (of ontsaglike verlange) na vriendskap.”

Hierdie woorde verskyn op ’n driehoekige marmerblad wat netjies tussen die uitgetrapte rooibaksteenplaveisel langs die Westerkerk in Amsterdam lê. As ’n mens nie weet dit is ’n monument nie, sal jy maklik verbyloop. As jy egter stop, sal jy sien dat daar eintlik drie driehoeke is – simbolies vir die verlede, hede en toekoms – wat saam een groot driehoek vorm. Daar is ook ’n wit bordjie wat sê

“HOMOMONUMENT.

Herdenkt alle vrouwe en mannen die ooit vanwege hun homoseksualiteit zijn onderdrukt en vervolgd.

Steunt de internasionale Lesbiese en Homobewegingen in de strijd tegen verachting, discriminatie en onderdrukking. Laat zien dat je niet alleen bent.

Roep op tot blijvende waakzaamheid.”

(Basies, ’n monument opgerig vir alle gay mense vir wie onderdrukking, vervolging, minagting en diskriminasie ’n werklikheid is/was, en om hulle te herinner dat hulle nie alleen is nie.)

Die Homomonument is ’n klipgoot van die Anne Frank-huis. Tydens die Tweede Wêreldoorlog, vertel ons toergids, is gay mense beskou as ’n subspesie – ’n bedreiging vir die suiwer, Ariese ras. Gay mense, ongeag hulle herkoms, geloof, ras of kultuur, is net soos die Jode eers van alle regte en menswaardigheid gestroop, en daarna is hulle vervolgd. Die geskiedenis van vervolging begin met die dra van ’n pienk lapdriehoek, word gevolg deur gay mense wat moes vlug of wegkruip, en eindig in konsentrasie- en arbeidskampe waar gay mense saam met die Jode sterf. Dit begin by verontmensliking – want verontmensliking maak dit makliker om te diskrimineer – en dit eindig met dood. In die toergids se woorde: “All gay people were affected. Even those who were Christians, or were blonde with blue eyes. If you were queer, it was a death sentence. It starts with dehumanisation, and ends with death.” (“Queer” is die sambreelterm vir enige persoon wat aan die LGBTI+ gemeenskap behoort.)

Ek dink toe hardop: “Dit is tagtig jaar later, en gaywees is nog steeds ’n doodsvonnis vir baie mense!” In sommige lande word jy doodgemaak as jy gay is. Net vanoggend lees ek in die nuus van nóg twee gay mense wat in Suid-Afrika vermoor is, en dat geweld teenoor queer mense skrikwekkend

toeneem in ons land. Tydens my besoek aan Zambië in 2019, is twee gay mans wat in ’n konsensuele liefdesverhouding is tot 15 jaar tronkstraf gevonniss, nadat hulle “uitgevang” is. Regoor die wêreld word gay mense deur hulle (gelowige) families onterf en deur vriende verwerp. As ’n mens na die selfdoodsyfers onder jongmense kyk, is die oorweldigende meerderheid queer kinders wat net nie kans sien (of gesien het) vir ’n lewe vol diskriminasie nie.

Daar is dalk nie meer konsentrasiekampe nie, maar daar is definitief ’n oorlog, en net soos in die verlede begin dit met verontmensliking. Gay mense word nog steeds gebrandmerk. Hulle dra dalk nie pienk lapdriehoeke nie, maar hulle is die *punchline* van neerhalende grappe; hulle word uitgebeeld as swak, vreemd, onseker, vuil, onrein en/of siek; en die oomblik wat ’n persoon dit waag om uit die metaforiese kas te klim, word hulle verdoem, verwerp, verlaat, vergeet, vertrap of verontreg. Dieselfde emosiebelaaide verontmenslikende taal wat 80 jaar gelede gelei het tot arbeidskampe en brandoende, word herroep om hierdie dis-

kriminasië en onverdraagsaamheid te regverdig.

Een Sondagmiddag stap ek na die driehoekmonument langs die kanaal. Daar is reënboogvlaggies, foto’s van slagoffers van homohaar, kersies, kaartjies, blomme, wierook en rosaries – oorblyfsels van liturgiese rituele, en tabare bewyse van mense se smart en leed. Ek gaan sit toe ’n rukkie en probeer stilraak, maar my binneste rumoer van hartseer en woede. Ek sien die gesigte van die talle gay mense wat my al vir pastoraat kom sien het. Ek onthou nog hulle stories – stories vol selfverwyt, skaamte, skuldgevoelens, trauma, selfdoodpogings, depressie, angs en vrees. Stories van dominees wat vir hulle gesê het dat hulle direk hel toe gaan. Stories van gemeentelede wat gestuur is vir hormoonbehandelings of na bekeringskampe, maar teruggekom het met diep letsels en onherroeplike sielkundige skade. Ek dink aan die begrafnis waar daar geen familie was nie, die paartjies wat wou trou maar weggegewys is, en die selfdoodpogings wat (gelukkig) onsuksesvol was. Ek dink aan die debatte by sinodes en die aggressiewe argumente

van my kollegas. Ek dink aan opmerkings soos “Hoekom begin hulle nie net hulle eie kerk nie?”, wat basies vertaal kan word na “hulle is nie ons gelykes nie,” “hulle is nie soos ons nie,” “hulle verdien nie genade nie,” en “hulle behoort nie aan die liggaam van Christus nie.” (Ironies genoeg is dit dieselfde taal wat gebruik is tydens die Tweede Wêreldoorlog, en tydens Apartheid.)

Wat ’n ontsaglike verlange na vriendskap! Wat ’n eidelose begeerte na aanvaarding en behoort in ’n wêreld (en kerk) waar uitgediende teologieë en partydige eksegetiese besluit waar jy hoort en waarheen jy gaan wanneer jy sterf. Hoe mateloos moet jy nie voel nie as dieselfde evangelie wat praat van onvoorwaardelike liefde, genade en vergifnis, ook gebruik word om onverdraagsaamheid en verontmensliking te regverdig?!

Die rumoer binne my raak erger. Ek besef dat ek ook al baie foute gemaak het. Ek het al gay mense veroordeel, was nie altyd ’n goeie vriend nie, en het selfs ’n paar gay mense te na gekom met die mag wat gepaard gaan met my posisie as predikant. Met toe oë mompel ek: “Kyrie, eleison!” Heer, wees my genadig.

Dit is dalk waarom gay mense so “heilig” is op iets soos Pridemaand. Na jare en jare se onderdrukking, diskriminasie, hartseer en woede, en in ’n wrede wêreld waar jy uiters weerloos is, is “homomonumente” nodig om jou te herinner dat hulle “niet alleen bent”. Vir ons gee dit die geleentheid om te stop, te kyk en te luister na die verhale van gay mense se verontmensliking – hulle “mateloos verlangen na vriendskap” – eerder as om verby te loop en dit minagend te ignoreer.

As liturgiese handeling gaan koop ek vir my ’n reënboogvlag-lapspeeld, en steek dit as teken van solidariteit aan my hemp vas. Dit gaan nie noodwendig menseleuens verander nie, maar dit help my om ’n beter naaste te wees. “Ubi caritas, et amor, Deus ibi est.” Heer, mag ek in gay mense se ontsaglike verlange na vriendskap genoeg deernis en liefde hê om hulle te herinner dat U waarlik en veral daar is vir hulle.

Ek kyk vir oulaas na die reënboogvlag – die oerverbondsteken van die God van die verlede, hede en toekoms se eidelose verbondenheid aan en liefde vir al sy kinders – en die rumoer raak stil.

► *Ds Mias van Jaarsveld is ’n tentmakerleraar by NG Gemeente Heuwelsing in Bloemfontein, en doen tans navorssing by die Vrije Universiteit Amsterdam, in Nederland.*

“Dit is tagtig jaar later, en gaywees is nog steeds ’n doodsvonnis vir baie mense! In sommige lande word jy doodgemaak as jy gay is.”



“Tydens my besoek aan die Anne Frank-huis – ’n klipgoot van die Homomonument – vertel die toergids dat gay mense ongeag hulle herkoms, geloof, ras of kultuur net soos die Jode eers van alle regte en menswaardigheid gestroop, en later vervolgd is,” skryf Mias van Jaarsveld in die rubriek hierbo. “Gay mense is as subspecies beskou – ’n bedreiging vir die suiwer, Ariese ras.”

Foto: Mias van Jaarsveld

Indagtheid – voedsel vir my hele wese

PEET BESTER

Alles het begin met 'n dagsemi-naar van dr Etienne van der Walt (neuroloog) vir predikante oor die brein. Twee kursusse by Neurozone later en 'n hele nuwe wêreld gaan vir my oop. My belangstelling is veral geprikkel oor die verband tussen geestelike prosesse en my denkprosesse. Waar pas my brein in as dit kom by geloof en spiritualiteit oor die algemeen?

Uit die aard is daar baie tegniese en ingewikkelde wetenskaplike feite waarvoor ek wetenskaplikes bewonder en nie hulle terrein wil betree nie. Hierdie artikel wil nie noodwendig hierdie vraag volledig beantwoord nie. Wat wel beoog word, is om na te dink oor hoe ongelooflik en fassinerend ons brein geskape is. Neuroloë help ons om eienskappe van die brein te verstaan en te gebruik wat ons as gelowiges meer van bewus behoort te wees.

Met die herontdekking van eeuë oue geestelike gebruike soos stilte en meditasie is dit verrassend dat die wetenskap ons herinner dat hierdie gebruike juis

baie met die brein te doen het. Wêreldwyd is “mindfulness” 'n alledaagse term en glad nie sonder rede nie. Indagtheid, die mooi nuwe Afrikaanse woord vir *mindfulness*, is een van 'n aantal brein-energieë wat ontsluit kan word vir gesonder menswees.

Agter die beleefde waarde van stilte en meditasie is 'n Godgeskape brein-funksie. Om dus in dieselfde asem te praat van om stil te raak voor God en indagtheid is belangrik. Indagtheid is die proses waar waarneming, nadenke, bewussyn, vorming en verandering in my brein gebeur. Al wat die brein benodig vir hierdie proses om in te skop is instemming en die beoefening van indagtheid. Die waarde van indagtheid lê daarin dat 'n mens bewustelik deur die dag deur middel van oefeninge soos asemhaling, stilte, oordeellose waarneming, ensovoorts spasie skep vir die brein om optimaal te funksioneer. Gebeur dit, ontsluit die brein vanself energie. Dit is dieselfde vir alle mense! Daar is nog heelwat ander positiewe goed wat in die brein gebeur wat ek nie nou gaan

noem nie.

Om indagte te lewe as 'n gelowige is om byvoorbeeld daagliks 'n teks doelbewus op te roep (deur die genoemde metodes). Dit koppel en versterk dan die inhoud en betekenis van die teks met ons gedagtes en gevolglik ons gedrag. Die gewoonte van stop, nadink, diep asem haal en waarneming is basies die inhoud van indagtheid. Die brein hou baie hiervan en is “tevrede” om hierdie behandeling te ontvang. Die gevolge hiervan is ook uitgebreid deurdat dopamien afgeskei word wat baie positief is. Nog 'n gevolg van indagtheid is meer gevorderde denkpatrone. Beter besluitneming volg ook.

Die teendeel is natuurlik ook waar. As daar konstant negatiewe gedagtes bedink word is die brein glad nie gelukkig nie en aktiveer die brein stresreaksies. Stres is die brein se grootste vyand.

Die werking van die brein is dus nie los te sien en te verstaan van ons geestelike lewe nie. 'n Mens kan selfs wonder of al die boeke op die winkels se rakke oor *mindfulness* nie juis 'n wonderlike

skat is wat die kerk soms miskyk nie. Dit is waar God in die wêreld besig is. Die wetenskap besef die wonderlike vermoë van die brein, maar ons besef nie hoe God juis Homself hierin openbaar nie. (Ek dink dit is selfs 'n deur tot getuigenis.) Die wete en nadenke oor my uniekheid as skepsel, in hierdie geval my wonderlike brein, is bepalend om myself en my reaksies te verstaan. Ons gaan kerk toe, bid en hou stiltetyd maar dink nie genoeg na oor hoe hierdie prosesse in my wese inkom en my gedrag bepaal nie.

Weet ek genoeg wat in my kop gebeur? Dalk dink ons gewoon dit is die Gees se werk en “dink” nie verder nie, asof God nie daar aanwesig is nie. My ervaring is dat God dalk daar vir my wag ...

Die volgende keer as jy weer die stilte so waardeer en mooi goed raaksien, besef die rol van jou Godgegewe brein in hierdie proses en mag dit jou met groot dankbaarheid vul.

► *Ds Peet Bester is leraar by die NG Kerk Franschhoek.*

Ons moet meer oor die dood praat

NEELS JACKSON

Mense kry swaar.

Dit het ek opnuut besef nadat 'n eenvoudige gediggie wat ek op facebook geplaas het, soos 'n veldbrand versprei het. Dit vertel van die herfs en die blare wat val, verwys na sterftes en siektes wat meer word en eindig met die reël: *dis besig om 'n verskriklike winter te word.*

Daarmee kon mense assosieer. Hulle voel 'n verskrikking aan. Hulle kry swaar. En omdat die mense swaarkry, kry hulle begeleiers, die dominees, swaar. Dominees wat begrafnis op begrafnis moet hou, wat families moet bemoedig terwyl hulle self moedeloos voel, wat hoop moet gee wat hulle self min van oor het.

Die dood loer nie meer van 'n afstand af oor 'n heining na ons nie. Hy is hier tussen ons en dit voel of hy maak wat hy wil.

Dit lyk vir my of ons meer oor die dood sal moet praat as ons deur hierdie seisoen wil kom.

Veertig jaar gelede in 'n sielkundeklas op Tukkies, het 'n dosent ons vertel van die Nederlandse sielkundige JH van den Berg en die “neurotiserende faktor” wat hy geïdentifiseer het. Dit is samelewingsfaktore wat bydra om neuroses te veroorsaak, wat daartoe lei dat mense en die samelewing self siek word.

Die neurotiserende faktore sluit dinge in soos dat mense meer mobiel geraak het, daarom meer oppervlakkige kontak met ander mense en minder diep verhoudings het. Of die toenemende welvaart wat mense so selfstandig laat voel dat dit later tot eensaamheid lei.

Die een faktor wat destyds al 'n groot

indruk op my gemaak het, was Van den Berg se waarneming dat die dood uit die samelewing verwyder is.

Die dosent het dit só aan ons verduidelik: Dink hoe was dit 'n paar geslagte gelede. Mense het op die plaas gebly en as die einde vir Oupa aanbreek, dan sterf hy daar in die opstal op sy bed met sy mense om hom. Dan word die lyk daar deur die familie self uitgelê. Die kis word van die solder af gehaal en die familie lê self vir Oupa daarin neer. Die graf word 'n entjie van die huis af in die familiebegraafplaas gegrawe en daar word Oupa ter ruste gelê. Die familie is by die hele proses betrokke. Hulle hande werk met die dood.

Intussen het die samelewing so verander dat die dood 'n vreemdeling geword het. As iemand nou siek word, word hulle hospitaal toe geneem, en agter glasmure in intensiewesorg-eenhede verpleeg. Hulle word grootliks van hulle families geïsoleer, en nou met Covid-19, soveel meer as ooit tevore. As so iemand sterf, kom haal die onderneemster die lyk en versorg dit. Die familie sien dalk net die kis as die persoon dae later begrawe word. Hulle is toeskouers.

Waar die dood vroeër 'n bekende en normale deel van die lewe was, het dit nou die groot onbekende geword, en daarom iets skrikwekkends.

Die boodskap wat ek in die sielkundeklas oor die dood gekry het, is op 'n ander wyse versterk toe ons kort daarna Uys Krige se drama *Die goue kring* in die Afrikaanse klas behandel het. Dit gaan oor 'n Spaanse gemeenskap wat dit regkry om die Dood gevange te neem. En met die Dood 'n gevangene, sterf niemand meer nie. Vir die ge-

meenskap is dit 'n groot vreugde.

Maar mettertyd verneem hulle van vroue wat in barensnood is, maar nie geboorte kan gee nie. En siekes wat ly weens pyn, wat nie kan sterwe nie. En hulle besef dat die lewe nie kan voortgaan sonder die dood nie. In die woorde van hulle biskop: “... dat die lewe geen sin het sonder die dood, dat as daar geen dood meer is nie, daar ook geen lewe meer kan wees nie.”

Nou loop die dood daagliks tussen ons rond en dit is vir ons 'n skrikwekkende ervaring. Ons ken dit nie, want die mediese wetenskap het so gevorder dat die dood minder algemeen geword het. Kindersterftes, wat vroeër 'n bekende verskynsel was, kom baie minder voor. Lewensverwachting is baie hoër as 'n eeu of wat gelede.

Die dood was op 'n manier ver van ons af. Maar nou het dit verander, en dit is verskriklik.

Miskien moet ons meer oor die dood praat, sodat ons iets kan herwin daarvan dat die dood 'n normale deel van die lewe is. Ons moet immers almal eendag sterf. Niemand kan dit systap nie. Ons moet die onuitgesproke verwagtinge teëwerk dat die dood eintlik ver is, dat dit 'n uitsondering is.

Dit beteken nie dat ons nie moet hartseer wees as iemand naby aan ons sterf nie. Natuurlik nie. Ons móét treur. Maar die dood hoef ons nie angsbevange of wanhopig te laat nie.

Dit beteken ook nie dat ons die dood op maniere moet wegpraat of ontken nie. Glad nie. Ons moet die werklikheid van die dood in die oë kyk.

En terwyl die dood in die Bybel meermale die simbool word van alles wat

boos of sleg is, bely gelowiges mos dat die dood oorwin is. Saam met Paulus kan ons vra: Dood, waar is jou angel?

Die besef dat die dood onlosmaaklik deel van die lewe is, dat dit 'n normale verskynsel is, dat dit iets is waarmee ons moet saamleef, kan ons dalk help.

Ek besef dit is nie 'n kitsoplossing vir die emosies wat mense nou beleef nie. Nou kan ons maar net probeer om mekaar lief te hê, al is dit op 'n afstand van 1,5 m.

Maar op die duur kan 'n beter begrip van dood en die plek van die dood in hierdie lewe, ons dalk help om 'n gesonder gemeenskap te word. Daarom moet ons meer oor die dood praat.

*dit was 'n vreemde herfs
met blare wat net aanhou val aanhou val
aanhou val
toe die sekelswaaier 'n draai kom maak
het
om 'n ma van skoolkinders te kom haal
vier huise laer af in die straat
het daar 'n dik krakerige kombers op die
sypaadjie gelê
en die blare het net aanhou val aanhou val
terwyl die berigte net aanhou kom en
aanhou kom
nou is dit 'n aktrise dan 'n rugbyspeler 'n
sakeman
die blare verstop die geute
nog 'n ouerpaar is 'n paar dae na mekaar
weg
nog vriende is in isoelasie
nog kennisse gaan lê
die syfers klim
die blare val
dis besig om 'n verskriklike winter te word*
► *Neels Jackson is 'n voormalige redakteur van Kerkbode.*

'Ons leen die aarde by ons kinders'

* Wanneer "Plastiekvrye Julie" wêreldwyd gevier word, skryf Fay van Eeden (foto) 'n reeks artikels spesiaal vir *LiG* wat oor haar en haar gesin se reis na 'n groener en eenvoudiger leefwyse handel. Sy het ook wenke oor natuurlike skoonmaakmiddels, en gee resepte daarvoor. Die vyf aflewings in dié reeks sal weekliks op www.lig.co.za te sien wees.

CONETTE LE ROUX

“Wanneer ek na die aarde kyk en myself toelaat om oor haar toekoms te dink, spring my gedagtes na daardie bekende gesegde: 'Ons erf nie die aarde by ons voorvaders nie; ons leen dit by ons kinders.' En ek wil nie my dogtertjie Amélie se planeet vernietig nie.”

So gesels Fay van Eeden, 'n Pretoriaanse predikant wat by die Stellastraatgemeente onder meer vir uitreike en eko-

logie verantwoordelik is. “Ek wil alles in my vermoë doen om vir haar 'n gesonde planeet te gee,” sê hierdie mamma. “Asook die geleentheid om al die mooi plekke en wonderlike natuurskoon, wat ek en haar pa Peet bevoorreg was om te sien, te kan geniet en waardeer. Ek wil hê sy moet ook in die diepsee kan gaan duik en nie net plastiek daar sien nie.”

Fay vertel haar en Peet se passie is reis en die natuur. En dat hulle behoefte om “groen” en volhoubaar te leef, selfs groter geword het ná hulle dogtertjie se geboorte.

Sy onthou die eerste keer toe sy “nee” gesê het vir praktyke wat ons aarde beskadig. Sy was maar 12 jaar oud en het saam met haar gesin aan die Kwa-Zulu-Natale suidkus vakansie gehou. Fay onthou hoe die gesin tydens een van hulle verkenningstogte 'n groep mense met skroewedraaiers by die rots-poele raakgeloop het. Haar ouers het

haar probeer gerusstel en gesê dat dié mense, wat sak ná sak mossels met hulle skroewedraaiers van die rotse gehaal het, waarskynlik 'n permit daarvoor gehad het.

Maar toe die twaalfde sak op die sand beland, het Fay genoeg gehad. Sy onthou: “Voordat my ouers kon keer, het ek na die persoon gestap wat vir my na die leier van die groep gelyk het. Ek het gevra om hulle permit te sien.

“Hy het kortaf gesê dat dit niks met my te doen het nie. Dat ek my eerder uit die voete moes maak. Ek onthou hoe magteloos ek gevoel het. Hoe kon hulle die rotse so plunder, en daarmee wegkom?”

“Was daar dan niemand om hulle te keer nie? Iemand moes iets doen, en die enigste manier waaraan my jonger self kon dink – en ek is nie hierop trots nie – was om die leier se motor se bande te gaan afblaas.”

'n Ongemaklike waarheid

Fay vertel dat sy altyd gereken het die mens se grootste uitdaging om verantwoordeliker te leef, het met rommel te doen – “en dalk 'n paar spesies wat die gevaar loop om uit te sterf”.

Totdat sy Al Gore se dokumentêre flik *An inconvenient truth* gesien het. “Ek onthou spesifiek die twee foto's wat van Kilimanjaro gewys is – die eerste wat in die 1960's geneem is en wys hoe die berg toe onder die sneeu is. In 'n foto van 2005 is daar byna geen sneeu te sien nie.

“Ek onthou ook hoe hy gewys het watter stede onder water sal wees as die pole aanhou smelt. Hoe miljoene mense sonder heenkome sal wees. En daar was Gore se woorde: ‘We are causing global warming.’

“Op daardie oomblik het ek besef dat ook ek skuldig is aan 'n stuk vernietiging, en ek was nie daarvan bewus nie. Ek het besef dat ek anders wil lewe.”

Sedertdien is Fay en haar gesin op reis na 'n groener en eenvoudiger leefstyl.*

Om met groter bewustheid te lewe

Hierdie dominee se behoefte om na die aarde om te sien, het wat haar betref ook 'n veel dieper betekenis.

“God se koninkryk is 'n versorgende ruimte,” verduidelik sy. “Gelowiges moet sorg dat dit 'n ruimte is waarin alle lewe kan blom. Daarom gaan ons byvoorbeeld verantwoordelik met water om, juis omdat dit belangrik is vir die lewe van ander mense en diere. Ons word geroep om hierdie woonplek te versorg.

“Ek beleef God se nabyheid in die



“Psalm 19 se digter vertel dat God Hom op twee maniere aan ons bekend maak – deur sy skepping en deur sy Woord.”

natuur. Psalm 19 se digter vertel dat God Hom op twee maniere aan ons bekend maak – deur sy skepping en deur sy Woord. Dit sal tragies wees as ons die een deel van God se openbaring aan ons vernietig.”

Volgens Fay kan eenvoud ons help met waardering en met bewustheid. “Hoe meer ons 'nee' sê vir daardie dinge wat ons nie nodig het nie, hoe meer waardeer ons nie net dit wat ons wel het nie, maar ook die skoonheid om ons, die lewe se eenvoudige vreugdes. Soos om op die naat van jou rug te lê en na die sterre of die wolke te kyk.

“Eenvoud nooi ons uit om met groter bewustheid te lewe. Hoe minder volgeprop ons fisieke (en ons kop se) ruimtes is, hoe groter is ons bewustheid van God, van onself, van ander mense. En hoe vryer is ons om die wonder van die lewe raak te sien, dit te hoor, te ruik, te voel en te proe.”

In 2018 het Fay se besoek aan Rwanda haar daaraan herinner dat daar rykdom in 'n eenvoudiger lewe is. “Ten spyte van die Rwandese se hartseer-geskiedenis, en die armoede waarin hulle leef, het ek by hulle 'n stuk vreugde en trots bemerk. Dit het my diep geraak.

“Soveel van die mense wat ek daar teëgekomp het, het nie baie nie. Maar hulle is trots op wat hulle wel het.”

Fay is daarvan oortuig dat ons ligter en stadiger moet lewe. En dat volhoubaarheid die sleutel tot 'n eenvoudiger lewe is. “Tussen mense wat deurentyd sê ons het méér nodig, ons wil nóg hê, klink die uitnodiging van volhoubaarheid duidelik op: Kies vir eenvoudiger en minder.

“En, nee,” sê Fay, “dis nie 'n keuse vir 'n lewe van minderwaardige gehalte nie.”

● Besoek gerus Fay van Eeden se blog “Enroutefoodie” by enroutefoodie.co.za



Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
(Sinode van die Wes-Kaapland)
Privaatsak X8, Bellville 7535. 021 957 7104

SAAKGELASTIGDE

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika maak die vakature vir 'n PSD (predikant in sinodale diens) in die Diensgroep vir Getuienisaksie bekend.

Die Saakgelastigde (soos hierdie pos bekendstaan) se uitgebreide verantwoordelikhede kan vanaf die webwerf gelaai word: <https://www.kaapkerkadmin.co.za/poste>

OPSOMMENDE VERANTWOORDELIKHEDE

- Doeltreffende bestuur van die NG Kerk in SA se finansies, eiendomme, personeelsake, kommunikasie en regsfunksies.
- Predikante Pensioenfondse en Amptenare Pensioenfondse.
- Finansiële pligte word op deelnemende wyse uitgevoer met die hulp van 'n bestuurspan, spesialiste uit die mark en in oorleg met die Taakspan vir Finansies en Administrasie en trustees van die onderskeie pensioenfondse.

VEREISTES

- 'n Geordende gemeentepredikant van die NG Kerk.
- Bewese ervaring en insig ten opsigte van die realiteite wat die kerk in 2021 beleef, met die roeping om in hierdie verband Skrifgetroue leiding te gee.
- Kennis van finansiële bestuur, begrotingsbestuur en -beheer.
- Bewese administratiewe en bestuursvaardighede – veral binne spanverband.
- Visionêre leierskap en goeie kommunikasievaardighede.
- Beskikbaar vanaf 1 Februarie 2022.

VERGOEDINGSPAKKET: Volgens die NG Kerk in SA se skaal vir PSD's.

SLUITINGSDATUM: Maandag 23 Augustus 2021 om 12:00.

Stuur u aansoek as een PDF per e-pos aan: ngkadmin@kaapkerk.co.za

NAVRAE: Persoonlike navrae kan aan die voorsitter van die pre-advies taakspan, ds Nelis Janse van Rensburg (082 821 2730), gerig word.

Sien ook: <https://kaapkerkadmin.co.za>

NG GEMEENTE VAALWATER**Vakature: Deeltydse leraar**

Hiermee word 'n deeltydse predikantspos (onbepaalde termyn) in die NG Gemeente Vaalwater bekend gestel.

GEMEENTEPROFIEL: Vaalwater is 'n klein plattelandse gemeente in die Noordelike Sinode. Die gemeente is geleë in die Waterberge, tussen Modimolle (±60 km) en Lephalale (±90 km). 'n Groot deel van die gemeente is aan boerdery (saai, beeste, wild) verbonde. Daar is 175 belydende en 45 dooplidmate wat verdeel is in nege plaaswyke en een dorpswyk. 'n Meer volledige profiel kan by die kerkkantoor aangevra word.

LEREAARSPROFIEL:

- 'n Gelegitimeerde predikant van die NG Kerk wat geroepe voel om die gemeente op te bou tot 'n aktiewe dienende gemeente.
- Die aansoeker moet 'n aanvoeling hê vir die plattelandse bediening en meelewend wees in die wyer gemeenskap.
- Iemand wat begrip het vir die uitdagings wat die landbou hedendaags beleef en die invloed daarvan op lidmate en die totale gemeenskap.
- Samewerking met alle bedieninge is belangrik.
- Iemand vir wie veral huisbesoeke en ander pastorale besoeke belangrik is.
- 'n Persoon wat maklik kan kommunikeer, buitekerklikes kan identifiseer, en hulle laat welkom voel en aanmoedig om deel van die gemeente te wees.
- Gemaklik in die gebruik van multimedia, nl klanksisteem, projektor, rekenaarvaardigheid tydens eredienste en ander sosiale platforms om die prediking en gemeentekommuniteite te ondersteun en te bevorder.
- Finalejaar teologiese studente is ook welkom om aansoek te doen, aangesien die aanstelling van 'n leraar eers na afloop van legitimasië van studente sal plaasvind.

PLIGTE:

- Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.

VERGOEDING EN VOORDELE:

- Skaal 1 – wat jaarliks onderhandelbaar is.
- Behuising, vervoer en ander byvoordele sal tydens die onderhoud onderhandel word.

AANSOEK:

- Aansoeke kan per e-pos gestuur word na kantoor@vaalwater.ng.org.za MET die kontakbesonderhede van drie referente.
- Kandidate wat die kortlys haal sal versoek word om 'n skakel na 'n aanlyn/YouTube preek te verskaf.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.
- 'n Onlangse foto van die aansoeker en sy/haar gesin is opsioneel, maar sal waardeer word.

SLUITINGSDATUM: 14 September 2021.

DIENSAANVAARDING: 2 Januarie 2022 of soos onderhandel.

NAVRAE:

- Kerkkantoor (08:00-12:00): 014 755 3702.
- Saakgelastigde: 084 325 5361.
- Voorsitter van die kerkraad: Hennie van Eeden 078 018 0189.
- Leraar: Dr Terence Cooke 082 775 9570.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

MORELETAPARK GEMEENTE**Vakature: Medeleraar onbepaalde termynpos****GEMEENTEPROFIEL:**

Moreletapark-gemeente is 'n voorstedelike makro-gemeente in die ooste van Pretoria. Ons gemeente streef daarna om in 'n noue verhouding met God, mekaar en die wêreld te leef; asook om God se visie vir ons uit te leef, naamlik *“Jesus alles in elkeen”*. Ons doen dit deur ons missie, wat vir ons baie hoë prioriteit geniet, naamlik: *“Elkeen is doelgerig 'n dissipelmaker”*.

Hierin speel ons waardes van verhoudings, diensbaarheid en gehoorsaamheid 'n kardinale rol. Al hierdie is slegs moontlik as die fondasie waarop ons bou in plek is, naamlik: Skrifgetrouheid, die werking van die Heilige Gees en Gebed.

Die geskikte kandidaat sal die verantwoordelikheid hê om in 'n makro-gemeente, bestaande uit alle kulturele en sosio-ekonomiese klasse te bedien, met 'n Afrikaanse, Engelse- (MConnect) en 'n Afrikatale-bediening (Shining Light) wat sterk funksioneer. Die gemeente versorg en bou sy lidmate op deur kleingroepe.

LEREAARSPROFIEL:

Moreletapark-gemeente is op soek na 'n gelegitimeerde, dinamiese, visionêre leier wat 'n sterk roeping ervaar om in 'n makro-konteks gemeentebou en -bediening te behartig. Jy is die geskikte kandidaat as jy jouself in die volgende profielbeskrywing herken:

- Jy 'n sterk roeping ervaar om in vandag se konteks voorstedelike lidmate te bedien met 'n fokus op dissipelskap.
- Jou verhouding met God vooropstel en Geesvervuld sy gawes uitleef.
- Jy iemand is wat die Woord van God as die hoogste gesag in jou lewe aanvaar, met 'n lewe wat getuig van getrouheid aan sy Woord.
- Jy aanklank vind by die evangeliese karakter van die gemeente en 'n passie vir evangelisasie hê.
- Jy die diversiteit van ons samelewing met sy verskillende kulture verstaan en oor verskillende kultuurgrense kan werk.

Moet aan meeste van die vaardighede voldoen:

- Visionêre denke.
- Besik oor goeie leierskapvaardighede wat 'n span mense kan lei en in spanverband kan saamwerk.
- Vermoë om effektief te beplan.
- Die neem van inisiatief in verskeie omstandighede.
- Die mobilisering, opleiding en visionering van dienswerkers.
- Bestuurservaring in 'n gemeente of van sekere bedieninge van 'n gemeente.

Die volgende kan tot jou voordeel strek:

- Indien jy passievol is oor die erediens en aanbidding daarvan.
- Indien jy onder die ouderdom van 40 jaar is.
- Indien jy uitstaande kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels (verbaal en skriftelik) het.
- Indien jy oor kreatiewe denke en 'n werkswyse wat innoverend die bediening kan uitbou, beskik.

Die kerk beleef uitdagende tye; daarom is 'n persoon nodig wat nuut dink oor kerkwees in 'n moderne tyd en veranderende gemeenskappe.

Volledige CV met drie referente moet elektronies gestuur word.

SLUITINGSDATUM: 13 Augustus 2021.

NAVRAE: Lizl Strauss (HR-beampte).

E-pos vir aansoeke: HR@moreleta.co.za

Die gemeenteraad hou hom die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

GLO-STORIES

In *Glo-stories* kry jy twee unieke stemme in een boek. 'n Storieverteller en 'n dominee wat Sistematiese Teologie doseer. Twee van *Kerkbode* se gewildste skrywers, Dana Snyman en Nadia Marais, nou in 'n medium wat nie so vlietend soos die slimfoon of frommelbaar soos die papierkoerant is nie.

**R140**

BM
Bybel-Media



In die hoop dat vele treë (vir self en ander) genesing bring

'n Groep plattelandse NG lidmate werk nou saam met die breër landbougemeenskap langs die Tuinroete om 'n meerdaagse staproete te vestig. Sal dit 'n pelgrimsroete word? Le Roux Schoeman doen verslag.



Met 'n sterk wind van voor en die oggend se roosterkoek net 'n vae herinnering was die rooihoedpelgrims verlig om met hulle onlangse staptog die plaas Joncksrus op die Kliprivierpad in die Langkloof te sien.

Maar kwalik meer verlig as wat Pierre Joubert op 'n bewolkte dag in 1955 was toe hy die einste plaas vanuit sy straalvliegtuigvenster gewaar het.

Joubert het hier 'n noodlanding in 'n koringland uitgevoer toe sy Vampire 225 se petrol bo die Kammanasieberge opgeraak het.

Hy was 'n luitenant in die Suid-Afrikaanse Lugmag en sy onverwagse besoek aan Joncksrus het 'n jaar voor Leon Jonck gebore is plaasgevind. Tog gesels dié boer tot vandag geesdriftig en in haarfyn besonderhede oor die voorval wat duidelik deel is van trotse oorlewering en sommer van die hele kleurvolle mitologie van hierdie volop-storie-wêreld tussen Uniondale en Knysna.

Terwyl Joubert se kordaatstuk in die koringland destyds die voorblad van *Die Landstem* gehaal het, het die rooihoedpelgrims se roete en stappery darem die *George Herald* se webblad gehaal ... Die nuus was ietwat minder dramaties. Bloot dat 'n aantal stappers kom kyk of hulle saamstem met 'n plaaslike dominee dat die Tuinroetekomgewing 'n nuwe been van die gevestigde Pelgrimstog van Hoop sou kon word.

Laasgenoemde stuur al jare pelgrims van Stellenbosch na die suidpunt van

die vasteland via meer of minder bekende paaie asook klein dorpie en kerkies met 'n aanmoedigende sêding wat al iets van 'n mantra geword het: Solank jy hoop, sal jy loop ...

So, hoekom kan 'n mens nie 'n pelgrimsroete ook in hierdie mooi deel van die land skep nie? wou ds Gert Nothnagel en van sy lidmate by NG gemeente Herold buite George so 'n paar jaar gelede weet. Covid het planne in hibernasie gedwing, maar 'n sterk netwerk medewerkers het die idee laat voortleef en 'n stap- en oorslaapplan is nou op die been. "Dis vir ons te lekker om te weet dit is 'n roete waar plaaslike inwoners (betrek word). Die huise waar (stappers) eet, die huise waar hulle bly ... dit is deel van die ervaring. Buiten die pragtige passe waardeur jy stap," het Nothnagel aan *Kerkbode* verduidelik.

Nes vele plattelandse gemeentes in soortgelyke situasies, het die gemeente waar Nothnagel werk ook 'n aantal sogenaamde "buitekerkies" wat dateer uit die dae toe vervoer vanaf afgeleë plase selfs nog meer van 'n uitdaging was. Een gemeente se dienste word dus op verskeie plekke gehou om lidmate die rit na een sentrale punt te spaar. Vele van hierdie kerkgeboue is pragtig in stand gehou en word selfs hier en daar omskep om veeldoelig te wees.

Herold self mag nie veel van 'n sakekern hê nie, maar hy vergoed daarvoor met nie minder nie as sewe sulke kerkgeboutjies, vertel Nothnagel. Die pelgrimstogidee het uitgebrei van bloot 'n staptog na al die kerkies tot by die punt



1 Roosterkoek was van die gewildste en mees praktiese padkos langs die nuwe roete. Hier smul stappers aan "Miesie" Josephs se baksel op die plaas Louvain in die Langkloof.

2 Caroline "Miesie" Josephs het die pelgrims gul ontvang.

3 Leon Jonck teken die pelgrims se "paspoorte" die oggend van hulle vertrek om te bewys hulle het onder sy dak oorgeslaap op die plaas waar 'n lugmagvlieënier eens 'n minder elegante landing moes maak.

4 Ds Gert Nothnagel is een van die dryfkragte agter die nuwe pelgrimsroete en het vir groot dele saamgestap met die afvaardiging wat einde Junie en begin Julie gestap het tot by Mosselbaai se punt.



Erns Grundling en Frederick Marais was deel van die tweede groep stappers wat 'n nuwe roete in die Suid-Kaap gaan stap het om te "toets" of dit in hulle pelgrimsopinie sou kon deel word van die Pelgrimstog van Hoop-netwerk wat reeds stappers van Stellenbosch na die suidpunt van Afrika stuur. Hier staan hulle voor die Kammanassieberge in ligte luim tydens die staptog wat tien dae geduur het. Foto's: Le Roux Schoeman

waar pelgrims nou genooi word om te voet van Uniondale na die St Blaizevuurtoring by Mosselbaai te reis en wel met iets van 'n pelgrimsingesteldheid eerder as 'n gewone toeriste- of verbruikersmentaliteit. Jy kyk na 'n totaal van sowat 240 km oor ten minste 10 dae. Of meer akkuraat: Dit was die konsepstap wat die rooihoedpelgrimsgroep genooi is om 'n soort "stress test" te kom gee die slag toe hulle onder andere by die Joncks en hulle koringland kom aandoen het. Want reg langs die koringland waar daar eens 'n Vampire neergestryk het, staan een van Herold-gemeente se mooi buitekerkies.

Hierdie deel van die Langkloof buk onder groendroogte (vir die ongeoeffende oog lyk die veld beter as wat boer en dier weet die geval is). En hierdie kerkie is steeds 'n plek van toevlug vir lidmate soos Leon en sy familie.

Maar wie is hierdie rooihoede en wat maak hulle bekwaam om 'n pelgrimsroete te "beoordeel"?

In September 2020 het *Kerkbode* so berig oor die Pelgrimstog van Hoop ... "Dis 'n pelgrimsroete soortgelyk aan die Camino in Spanje (maar nie 'n na-aperie) wat op verskeie punte begin in die Wes-Kaap en eindig by die mees suidelike punt en vuurtoring by Kaap Agulhas. Die roete is uitgelê deur die teoloog Frederick Marais van *Communitas* (ge-

setel by die Kweekskool op Stellenbosch) nadat hy en 'n paar kollegas die eerste keer in Oktober 2014 gestap het van Robertson tot by Kaap Agulhas. Die roete begin deesdae óf op Robertson óf op Stellenbosch (binnekort ook van Wellington en Kaappunt) en strek deur die Kaapse Wynlande en Overberg, langs die oudste kerke in Suid-Afrika en deur gemeenskappe soos Pniël, Genadendal, Baardskeedersbos en Elim. Van die bekende dorpe langs die roete sluit in Franschoek, Villiersdorp, Hermanus en Gansbaai. As jy van Stellenbosch af stap is die afstand sowat 320 km en die meeste pelgrims lê dit binne 16 dae af (soms 'n dag of drie langer as jy korter afstande stap)."

Die man wat die storie so knap hierbo uitlê is Erns Grundling, 'n joernalis en skrywer wat die roete en vele verhale langs die pad aan 'n breë Afrikaanse publiek bekendgestel het deur die staptog vir kykNET te dokumenteer as die reeks getiteld *Elders: Pelgrimstog van Hoop* wat steeds op Showmax te sien is.

Grundling en Marais het saam dagboek skoonmaak, stewels gepak en die laaste naweek in Junie by ds Petrus Carstens van Uniondale ingeklok vir 'n stewige stapsessie. By hulle was nog stapgenote en diepsiele wat die pas moes help hou en probeer raadgee aan

plaaslike gesinne wat belangstel om gasheer te speel vir hierdie nuutjie wat stappers na ongewone plekke soos Noll en Zebra neem – ver van die N2 en bekende toeriste-gate.

'n Tipiese toneel lyk so: Hier kom die stappers kort na sonop in stilte aangestap met die stowwerige helling van Prins Alfredpas (Prince Alfred's Pass) tussen Avontuur en 'n klein nedersetting met die ewe lekker naam van De Vlucht wat teen die Keurboomsrivier lê. Hier het Thomas Bain 'n tyd lank gewoon en behoorlik gewoek. "The pass is Thomas Bain's *opus magnum* – a work of monumental proportions carried out with rudimentary equipment and convict labour, but with science, ingenuity and Bain's 'can do' attitude making it all possible," lees 'n nuuskierige later op <https://www.mountainpassessouthafrica.co.za>.

Die vorige dag het ds Carstens die stappers nog met 'n rits smal leertjies by "sy" kerkoring opgevat om Uniondale vanuit 'n hoogte te aanskou. Maar vandag is dit woud benede en langs die stofpad die pas se reuse-klippe so presies gepak soos antieke toebroodjies in 'n kosmiese kosblik wat die aandag boei. "Bain constructed 29 passes mainly in the Cape colony in his lifetime. This pass epitomises all of his unique touches, but especially his exceptional

dry walling method of construction," meen die pasentoesiaswebwerf. Die vorige aand se volmaan wat oor die Langkloof se berge verskyn het, was reeds weg en na 'n kort oggendmeditasiegeleentheid het 'n uurlange stilte gevolg; wat ook die gebruik sou word vir al tien van die groep se stapdae.

Marais, wat al die Camino in Spanje gestap het, verduidelik meer: "n Pelgrimstog is 'n ander soort stap. Dit is 'n innerlike reis. Jy maak jouself oop vir wat met jou aan die gebeur is. Baie keer stap mense om 'n seisoen af te sluit ... om uit te vind wat is volgende. Of miskien om iets af te lê."

Ondanks die hoë konsentrasie dominees in hierdie spesifieke groepie is dit kennelik vir enige een wat stapfiks is en/of met 'n soort letterlike en innerlike wandellus, hoor 'n mens by Marais. "Een van ons kollegas (die teoloog) John de Gruchy praat van die 'monastic moment'. Hy dink wêreldwyd is daar die behoefte vir mense om stadiger te leef. Meer volhoubaar te leef. Meer nadenkend te beleef. Dis al hierdie soort goed wat in 'n pelgrimstog ingesluit word ... ons koppel dit beslis aan geestelike verdieping."

En die eenvormige breërandhoede wat so uitstaan teen die vaal omgewing? Kan dit herlei word na Alchemiste se Blaai om



Die landbougemeenskap se gasvryheid was op volle vertoon met die pelgrims se besoek aan Weeber en Tina Truter van die plaas Trutersdal.

idee van die moeisame gang van swart na wit na rooi – van gebrek aan insig na kennis na wysheid wat transformeer eerder as bloot inlig? Nee wat, Marais het sommer destyds ’n rooi lewensrederhoed by sy dogter geleen toe hy begin stap het en die idee het *ge-stick!* Dis ’n *grounded* spul stappers hierdie wat ook in die NG Kerk ’n minder breed-sprakige spiritualiteit verteenwoordig. En hoewel hulle dalk eksplisiet nie hier in die Langkloof en Kammanasie die Alchemiste se Rubedo (rooi!) kom na-jaag nie, is daar ook die ding wat enige leunstoel-Jungiaan sal opval: naamlik dis die uniform van elkeen wat ’n rooi hoed moet dra, wat uiteindelik toelaat dat elkeen ook maar sy eie alleenpad kan kom stap. En self moet kies of hy/sy nou hom/haar steeds gaan oorgee aan welke kompulsiewe gedrag en komplekse hom/haar tot hier gebring het. Die ou waarheid van ‘Wherever you go, there you are’ volg ’n mens soos die spookmeisie van Uniondale. En nie net oor Paasnaweek nie.

Puik verblyf en lekker kos

Die verblyf is deurgaans uiters gerieflik en gasvryheid is waarskynlik die roete se grootste natuurlike bate naas die feit dat roetebeplanners dit so bewimpel het

dat daar selde indien ooit langs ’n teerpad gestap word.

Die meeste gasteplose is dik gekonfy met alles van mense onthaal tot roosterkoeke, volstruisfillets of wildsbiltong en koffie voorsit op die perfekte oomblik. Plase soos Louvain is in eie reg beroemde trou- en verblyfvenues, waar oorslaaphaltes soos die pragtige Bufelsdrift jou die geleentheid bied om in ’n gerestoureerde kerkgebou te slaap en sommer langsaan te braai en die uitgebrede plase rondom jou te sien donker word onder ’n sterrehemel.

Hoewel daar heelwat stapwerk is, het stappers natuurlik min werk. Net die Out of Office Replies werk hard terwyl die rooihoede sommige dae meer as 25 km moes aflê om die eindpunt te bereik.

Indien die onderskeid getref word tussen aktiewe en passiewe ontspanning, sou ’n mens wou sê stilstap is iets tussen daardie twee wêreldes. Niksdoen is dit nie. Maar jy’s ook nie binne bereik nie. Selfoonsein en tyding oor die algemeen is taamlik beperk. So wat gebeur met ’n mens langs so ’n pad wanneer niks gebeur nie? Grundling het ’n hele boek daarvoor geskryf. *Elders – My 1 025 km te voet langs die Camino* is sy storie oor kerkpaaie stap in Europa sonder ’n selfoon. Hierdie keer was sy selfoon



Thomas Bain en moedige handlangers se klipwerk in die ellange Prins Alfredpas verstom tot vandag.

saam, maar hy klink vol hoop vir die krag van enige soort variasie op die Camino-ervaring: “Ek is baie opgewonde oor die potensiaal van hierdie spesifieke roete (in die Tuinroete). Die skofte is aan die lang kant, maar die terrein is baie stapvriendelik. Jy stap 95%, 98% van die tyd op grondpaaie, plaaspaaie, agterpaaie. Jy is ver weg van karre wat verbyry. Dit is stil en die landskap is meesleurend – veral die Bo-Langkloof voel soos ’n onontdekte deel van die land,” meen Grundling.

Hy vertel van Caroline “Miesie” Josephs se roosterkoeke wat sy een oggend aan stappers in haar voortuin op die plaas Louvain bedien het. “Daardie kontak met die plaaslike gemeenskappe is waaroor hierdie pelgrimstog ook gaan.” Grundling sê die nuwe pelgrimstog deel in daardie opsig die “etos” van die Pelgrimstog van Hoop. Hy sonder ook die Khoisan-rotskuns uit. Van die sogenaamde Karoomeerminne, wat een van die besienswaardighede by ’n oorhang langs ’n rietkuil was waar die oorblufde stappers na fyn sketse teen ’n rotswand kon staar van half vis, half mens hier in ’n streek wat steeds weens droogte steier.

Natuurlik is die roete nie die Camino of selfs ’n “camino” nie. Dis veel minder

en veel meer. Jy stap immers deur plat-teland Suid-Afrika ... hierdie reënboogkruitvat van ons waar selfs Uniondale se strate op ’n helder oggend vol vullis van diensleweringsprotes kan lê. Waar kreppeer en floreer dikwels straataf van mekaar woon en waar die oplossing vir ooglopende strukturele ongelykheid die wysheid van Salomo verg en ook die kerk kan raadop laat.

As daar daardie dag minder wolke was en luitenant Joubert meer petrol in sy Vampire gehad het, sou hy jou waarskynlik kon vertel hoe aangrypend mooi hierdie deel van die land ook uit die hoogte is. Maar padlangs onthou ’n mens mikro-interaksies. ’n Gul gebaar van verwelkoming, ’n koddige gehuiwer voor ’n elmbooggroet of ’n lawwe grap langs ’n oop vuur. Of dalk oogkontak wat ’n oomblik te lank en vraend talm en probeer uitvis wat die pelgrim dan hierdie lang stappe kom laat stap. Of dalk meer nog: of stap werklik help vir iets in die siel? En of genoeg treë wel genesing bring?

- Hierdie staproete is nog onder ontwikkeling.
- Vir meer inligting oor dié staproete, kontak ds Gert Nothnagel by gardenroutewalk@gmail.com. Of besoek <https://pelgrimstogvanhoop.com/>



By NG Kerk Outeniqualand naby George het leraar en span sommer ’n ete vlak voor die kansel vir die pelgrims berei.



Die eindpunt? Hoewel die roete tans by St Blaize-vuurtoring by Mosselbaai eindig, is daar sprake van verder stap ... rigting Suidpunt van Afrika.

VERSTAAN die Bybel Kyk hierna as jy Paulus se briewe lees

MARIUS NEL

In hierdie reeks rubrieke kyk die skrywer na die gebeure wat die wêreld gevorm het waarin die Nuwe Testament geskryf is. Hierdie is die sesde aflewering.

Die sesde gebeurtenis wat Warren Carter uitlig in sy *Seven events that shaped the New Testament world* is in werklikheid 'n reeks van gebeure.

Sonder dat dit sentraal gekoördineer is, het die eerste Christene oor byna 'n eeu 'n verskeidenheid van geskryfte geskryf. In vergelyking met die Ou-Testamentiese geskryfte is hulle nie net in 'n ander taal geskryf nie, Grieks eerder as Hebreeus, maar hoort hulle meestal tot

ander literêre genres.

So is daar verskeie briewe en vier biografieë van Jesus. Daar is egter ook 'n enkele geskiedenis van die vroeë kerk (Handelinge) wat ooreenstem met die genre van die Ou-Testamentiese geskiedskrywing en 'n apokalips (Openbaring) wat soortgelyk aan dele van Daniël is.

Deur die geskryfte het die Christelike geloof, soos die Judaïsme, oor tyd 'n teksgebaseerde geloof geword. Dié ontwikkeling is nie kenmerkend van alle godsdienste nie. Dit het ook eers na die dood van Jesus plaasgevind. Jesus self het naamlik niks neergeskryf nie. Die vroegste tekste waarvoor ons beskik was verskeie briewe wat ongeveer twee dekades

na die dood van Jesus geskryf is.

Die Evangelies, wat eerste in die Nuwe Testament geplaas is omdat hulle die lewe van Jesus beskryf, is veel later as dié gebeure geskryf. Markus, die oudste van die Evangelies, is byvoorbeeld dekades na die dood van Paulus geskryf. Paulus se eerste brief (1 Tessaloniense) is egter meer as 'n dekade voor sy dood in 64 nC geskryf. Dit is opvallend dat ons nie oor die volledige korrespondensie beskik nie (byvoorbeeld Paulus se briewe en dié van die gemeente in Korinte aan hom) maar net dié van een korrespondent (Paulus).

Die doel van die briewe was om kontak met verskillende geloofsgemeenskappe te behou en hulle by te staan in

hulle geloofsgroei en nie om 'n uitvoerige of sistematiese uiteensetting van die Christelike leer te gee nie. Paulus se briewe tref eerder 'n delikate balans tussen wat algemeen geldend is vir alle gelowiges en wat spesifiek bedoel is vir die gemeentes aan wie hy geskryf het. In dié sin het die verskillende briewe van Paulus 'n koherente leerstellige kern wat hulle aan mekaar bind en 'n kontekstuele, praktiese aard deurdat hulle aan spesifieke gemeenskappe geskryf is. In die lees van die briewe, en daarmee saam die skryfgebeure wat die kerk gevestig het, moet ons die koherensie en kontekstualiteit in ag neem.

► Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch.

TERUG NA DIE TOEKOMS

JOHAN VAN DER MERWE

Die NG Kerk het regoor die wêreld bekend gestaan as die kerk van apartheid – die kerk wat die bose beleid van apartheid teologies uit die Bybel geregverdig het. Dit was ook reg so. Dit was immers 'n NG teoloog wat in 1947 die eerste verslag oor die Bybelse fundering vir apartheid aan die Transvaalse Sinode voorgelê het. Dit was die NG Kerk wat die verklaring van die Cottesloeberaad, wat apartheid veroordeel het, verwerp het. Dit was die NG Kerk wat met die dokument *Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif* (1974) 'n rassebeleid geformuleer het wat wêreldwyd veroordeel is. Dit was die NG Kerk wat as grootste Afrikaanse kerk in 1982 in Ottawa as lid van die Wêreldbond

van Gereformeerde Kerke geskors is nadat apartheid as teologiese kettery verklaar is.

Die hele beleid van afsonderlike ontwikkeling of segregasie wat later apartheid genoem is, het veral na die Tweede Suid-Afrikaanse oorlog van 1899-1902, die Rebellie van 1914, die Groot Griep van 1918 en die Arm-blankvraagstuk van 1933 as deel van Afrikanernasionalisme ontwikkel. Dit was die swaar en die seer van Afrikanerlidmate van die NG Kerk wat kerkleiers genoodsaak het om onder andere 'n beleid van *Inwendige sending* te formuleer. Hierdie beleid was gebou op piëtisme en die teologie van die Nederlandse teoloog Abram Kuyper en sou meewerk tot die Bybelse fundering van apartheid.

Dié spook van die verlede mag nie herrys nie

In 1986 het die NG Kerk formeel van die Bybelse ondersteuning van apartheid weggedraai toe 'n nuwe beleidsdokument *Kerk en samelewing* aanvaar is. Tydens die Rustenburgberaad van 1990 is daar by monde van prof Willie Jonker belydenis gedoen oor die kerk se aandeel in apartheid. Op 19 November 1997 het ds Freek Swanepoel tydens 'n spesiale dag vir kerke voor die Waarheid-en-versoeningskommissie namens die NG Kerk getuig dat die kerk verbind is tot versoening, dat die kerk dit saam met ander in die land wou aanpak en dat die kerk verbind was tot die opbou van alle mense. Hy het sy getuigenis afgesluit met Hebreërs 12:14 – “Beywer julle vir vrede met alle mense.” Daarmee is die spook van apartheid begrawe.

Baie lidmate van die NG Kerk kry tans swaar as gevolg van politieke besluite wat hulle ekonomies benadeel. Baie lidmate van die NG Kerk het seer as gevolg van misdaad wat buite beheer is en baie lidmate is kwaad oor infrastruktuur wat uitmekaar val as gevolg van korrupsie. Die Covid-19-pandemie het op 'n bepalende manier die vergrootglas oor hierdie sake kom plaas. Die vinger word beskuldigend en miskien tereg ook na hulle gewys wat teenoor ons staan. In 'n tyd soos hierdie kan dit maklik gebeur dat die spook van apartheid herrys. Die NG Kerk mag dit onder geen omstandighede toelaat nie!

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

In pas met die lewende God

LOURENS BOSMAN

“God is goed. God is almagtig. Lyding bestaan. Kies twee.” So klink 'n bekende meem wanneer mense praat oor onreg, rampe, epidemies, siekte en dood.

Oor die bestaan van die lyding en negatiewe magte redeneer niemand. As jy hoegenaamd oplet, sal jy dit sien. Die vraag is dus eintlik: Hoe kan ons gelyktydig sê dat God goed én almagtig is?

Ek dink dit is betekenisvol dat die Joods-Christelike tradisie nie maklik torring met die idee dat God goed is nie. En dit is nie asof die Bybelse skrywers nie die probleem ken nie. In nood en gevaar het baie van hulle gewonder oor waar God is terwyl hulle swaarkry. Lees maar die Psalms, of Job. Maar deur die wanhoop en onbegrip kom hulle elke

keer hiernatoe terug: “Here, ons onthou u goedheid en liefde, betoon dit tog weer aan ons.”

Ons moenie dink dit is vanselfsprekend dat mense só oor God dink nie. In baie ander godsdienste is die gode nie goed of goedgesind teenoor die mense nie. Die Grieks-Romeinse gode, byvoorbeeld, is immoreel, heelyd besig met stryery en willekeurigheid wanneer hulle die noodlot van mense bepaal. Die Griekse siening was dat die gode almagtig is maar hulle is nie goed of betroubaar nie. Die gode bring die slegte oor die mense. As jy gebede uit daardie tyd lees, sien jy die mense verlang na gode op wie hulle kan reken. Zeus en die ander gode is dit egter nie. Iemand het van die Grieks-Romeinse gode gesê: “The gods are frivolous.”

Hoe sê ons ‘God is goed én almagtig’ te midde van lyding?

Só dink ons nooit oor die drie-enige God nie. 'n Vorige *Kerkbode*-peiling het gewys dat NG lidmate nie dink die epidemie en swaarkry is God se straf nie. Ons sal eerder verstellings maak aan ons sienings oor God se almag en waar die slegte vandaan kom, as om God se goedheid te bevraagteken. Die God wat ons aanbid, is nie kwaad vir ons nie. Intendeel, sy grootste kenmerk is troue liefde.

In hierdie tyd van siekte en dood is dit belangrik dat ons nadink oor wie God is en hoe God betrokke is in die wêreld.

Miskien is die grootste gevaar dat ons begin dink God is afwesig of afsydig. Dat Hy sy gesig wegdraai van ons, soos Psalm 13 sê. Maar hoe is 'n mens in pas met 'n afwesige God? Raak jyself

ook afwesig wanneer die donkerte opdaag?

Dit is egter ook moontlik om te sê dat God by ons is in die donker dieptes, dat Hy ons nooit verlaat of in die steek laat nie. Dat ons selfs in die dood en daarna op sy troue liefde kan reken. Die groot kwessie is nie God se almag nie, maar sy aanwesigheid.

Om in hierdie tyd in pas met die lewende God te wees, beteken dan om saam met Hom te gaan na waar mense bang is, of hartseer, of moedeloos. Om die moeilike oproep te maak. Om na die wanhopige stem te luister. Om aanwesig te wees in lyding. Sy troue liefde is die polsslagslag vir ons lewe.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

KONTAK ONS**Teken in op Kerkbode**

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman

E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Uitvoerende joernalis: Heléne Meissenheimer
helene@bmedia.co.za

Bemarking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

Ontwerper: Mario Small



Die behoefte aan betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek groei by die dag.

Jou ondersteuning stel Kerkbode in staat om voort te bou op 'n geskiedenis wat terugstrek tot Januarie 1849

toe die eerste Kerkbode verskyn het met die oorspronklike doel om "godsdienskennis te versprei".

Besoek www.kerkbode.co.za om uit te vind hoe jy 'n Vriend van Kerkbode kan word.

NGK PAARLBERG**MEDELERAARSPOS**

In afhanklikheid van die Here en met die leiding en wysheid tans tot ons beskikking, wil die kerkraad graag 'n leraar beroep.

Gemeenteprofiel: Paarlberg NG Kerk is 'n gemeente in die noordelike gebied van Paarl met 'n totale lidmaattal van ongeveer 1 800.

Gemeentevisie: Voornemende kandidate moet hulleself vereenselwig met die gemeente se visie, naamlik *geliefd, gevorm en gestuur*.

Gemeentefokus: Die kandidaat se roepingsverstaan moet aansluit by die gemeente se fokusareas.

- Ons wil leef vanuit verhoudings van wedersydse omgee, versorging en vorming. In lyn hiermee wil ons 'n nuwe pastorale model ontwikkel waar die lidmate pastorale verantwoordelikheid met die predikante deel. Ons wil die kleingroepbediening verder uitbou. (Geliefd)
- Ons is ernstig oor dissipelskap en wil sisteme van wedersydse mentorskap skep, erediensite uitbou tot geleenthede van ware lering, aanbidding en oorgawe, asook ander leer- en ontwikkelingsgeleenthede vir lidmate skep. By die jeugbediening wil ons jongmense in die bediening van die hele gemeente laat tuis kom en gesinne ondersteun om saam te groei in hulle navolging van Jesus. (Gevorm)
- Ons wil verhoudings en netwerke in die gemeenskap en met ander gemeentes uitbou om waarlik 'n verskil te maak in die omgewing waar die Here ons geplaas het. (Gestuur)

Leraarsprofiel: Voorkeur sal gegee word aan 'n leraar wat:

- gekenmerk word deur goeie menseverhoudings en ware omgee.
- 'n hart het vir die gemeenskap se nood.
- reeds 'n paar jaar bedieningsondervinding het.
- 'n goeie luisteraar en kommunikeerder is.
- bereid is om verantwoordelikheid vir die gesins- en jeugbediening te neem.
- belangstel in kleingroepbediening.
- gemaklik is met alle ouderdomsgroepe.
- 'n gegronde spiritualiteit het en die Woord verantwoordelik, relevant en Christus-gesentreerd verkondig.
- goed in spanverband kan saamwerk.
- lidmate kan bemagtig om hulle gawes en roeping uit te leef.
- innoverend, buigsam en veerkragtig is en geloofsonderskeidend werk.
- nuwe inisiatiewe kan beplan én implementeer.

Aansoek: Rig navrae aan Hannelie de Villiers by skriba@paarlbergkerk.co.za vir volledige besonderhede en gedetailleerde aansoekprosedure.

Sluitingsdatum: 6 Augustus 2021.

Diensaanvaarding: 1 Januarie 2022.

Die kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE**Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za****NG KERK**

BEROEP: Ds Derick Claassens van Rensburg, Heidelberg na Meyerspark; ds Andre de Villiers van Kathu/Olifantshoek na Vallei; ds Alwyn (AJ) Small van Noordkus-Ballito Gesinskerk na Parow-Panorama.

AANVAAR: Dr Daniël de Wet van Stellenbosch-Wes na NG Kerk in SA (Sinode van Wes-Kaapland) as PSD: Missionale Begeleiding en Afrika Ekumene.

Dr EC (Eddie) Ormond van die NG gem Wellington-Oos het sy akte van demissie by emeritaat ontvang op 30 Jun 2021. (Johan Crous, Ringskriba, 05.07.2021).

NOORDELIKE SINODE**BEVESTIGING**

Ds Elané Sassenberg het die beroep na NG gem Overkruin (Pretoria) aanvaar en is op 6 Jun 2021 met handoplegging bevestig. (LJB Smit, Skriba, 12.06.2021).

OOSTELIKE SINODE**EMERITAAT**

Ds WIC Liebenberg van die NGK Meyerspark het op 30 Jul 2021 geëmeriteer. (Beryl de Coning, Skriba, 18.06.2021).

Ds Willem Nortjé van NG gem Komatiport het op 1 Jun 2021 geëmeriteer. Sy afskeidsdiens het op 23 Mei 2021 plaasgevind. (Anru Liebenberg, Skriba, 15.06.2021).

Ds FL (Frans) Steenkamp van NG gem Witbank-Suid het op 30 Jun 2021 geëmeriteer. Sy afskeidspreek het op 27 Jun 2021 plaasgevind waartydens hy ook sy Akte van Emeritaat ontvang het. (Adri Lenting, Finansies, 23.06.2021).

Ds WA (Willie) Potgieter lewer DV op 1 Aug 2021 sy afskeidspreek, na 'n bediening van meer as 36 jaar in die gemeente Warmbad-Wes. Daarna sal sy akte van emeritaat, wat op 30.09.2021 geldig sal wees, deur sy medeleraar van meer as 32 jaar en skriba van die Ring van Waterberg, ds TR (Theuns) Kriek, aan hom oorhandig word. (Ds TR Kriek, Skriba, 05.07.2021).

WES-KAAPLAND**BEVESTIGING**

Driaan Pretorius is op 13 Jun 2021 as deelydse diensleeraar bevestig by die NG gem Piketberg deur ds Martin Goosen. (Reinet Jonker, Skriba, 21.06.2021).

Ds Marietjie Steyn, voorheen van NG gem Bloubergstrand) is op 6 Jun 2021 as leraar by die NG Kerk Kaapstad – Grootte Kerk bevestig deur dr Braam Hanekom. (Jaco de Villiers, Gemeentebestuurder, 17.06.2021).

Ds JJ (Cobus) Swanepoel voorheen van NG gem Goodwoodpark is op 3 Jul 2021 per zoom deur prof Marius Nel bevestig in die NG gem De Tyger. (S van Dyk, Skriba, 05.06.2021).

EMERITAAT

Ds SC Bester van die NGK Worcester-Noord lewer sy afskeidspreek op 25 Jul 2021 en ontvang sy Akte van Demissie by Emeritaat by hierdie geleentheid. (Sulize van Deventer, Skriba, 28.06.2021).

NG GEMEENTE HLUHLUWE**VAKATURE: LERAAR
(PERMANENTE POS)****GEMEENTEPROFIEL:**

Hluhluwe is geleë in Noord-Natal en is deel van die Ring van Melmoth (Sinode KwaZulu-Natal). Ons gemeente is klein, maar beslaan 'n groot area van Jozini, Mkuze, Kwanaganase en Hluhluwe. Ons is geleë in die hartjie van Zululand. Dit is 'n boerderygebied: pynappels, beeste en wild. Van die grootste wildtuine is hier, nl Hluhluwe-Umfoloji wildtuin, Valsbaai Park en Mkuze Wildtuin.

Die gemeente het alles wat nodig is om 'n besonderse gemeente te wees wat die boodskap van liefde aan die gemeenskap kan uitdra. Die gemeente het 'n amptelike ledetal van 140 en 41 besoekpunte. Daar is twee laerskole, een staats- en een privaatskool. Die naaste hoërskole is op Pongola, Vryheid, Empangeni, Kwambonambi en Felixton. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kerkgebou, ruim pastorie met 'n boorgat asook 'n voertuig (4x4 bakkie).

LEREAARSPROFIEL:

In aansluiting by ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, moet die leraar ...

- Iemand wees wat die Here lief het en 'n roeping het om in sy diens te staan.
- Entoesiasies wees oor gereformeerde Skrifgetroue prediking.
- 'n Gelegitimeerde van die NG Kerk wees.
- Pastorale versorging as belangrik ag.
- Leiding kan neem en met die kerkraad en gemeente as span kan saamwerk.
- Rekenaartegnologie en ander digitale media in sy bediening kan gebruik.
- Jeug kan inspireer om betrokke te wees by die kerk, maar wat ook die behoeftes van ouer mense kan aanspreek.
- Tradisionele erediensite met behoefte aan alternatiewe, meer informele byeenkomste.

VERGOEDING:

- Onderhandelbaar met sinodale skaal as riglyn, tot by kerf 5.
- Pastorie met munisipale dienste, selfoontoelaag en voertuig.

AANSOEK:

- CV met die toepaslike referente (elektronies) aan die skriba.
- Geselekteerde kandidate moet beskikbaar wees vir onderhoude via Zoom en 'n preek op die internet laai.

SLUITINGSDATUM: 31 Julie 2021.

DIENSAANVAARDING: 1 Oktober 2021 of so gou moontlik daarna.

NAVRAE:

Skriba: ngk-hlu@mweb.co.za

Leierouderling: Johann Swanepoel (072 126 3401) of mazuripines@gmail.com

16 Julie 2021

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selfsorgteenheid vir 4. Veilige parking. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf: R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693**. hanlidevilliers@webmail.co.za

Om te adverteer in Kerkbode, kontak Hanlie Raath: Sel: 072 357 8914. E-pos: woes@mweb.co.za

VAKANSIE- AKKOMMODASIE

HAZYVIEW: SABAAN-GASTEPLAAS: Uiters bekostigbare tariewe, 30 km vanaf Kruger Wildtuin. Op Panoramaroete by God's Window, Blyde Canyon. Skakel 071 545 0155 of e-pos bookings@sabaan.co.za

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoning aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parking. Vanaf R600 pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL – 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

UVONGO: Selfsorgwoning. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

MARGATE

Volledig toegeruste selfsorg tuinwoning, slaap 4, loopafstand van strand en winkels. Braaigeriewe en veilige parking vir 1 voertuig. Skakel: **082 832 9176**

REEBOK/TERGNIET (MOSSELBAAI)

2 slaapkamerwoning (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaigeriewe. Dwarsdeur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.

**Die vakature-
advertensies
vertekenwoordig die
standpunte van die
adverteerder en nie
noodwendig dié
van Kerkbode nie.**

NG GEMEENTE SELECTIONPARK

VAKATURE: VASTETERMYN LERAARSPOS – TERMYN VAN DRIE JAAR

In biddende afhanklikheid en leiding van ons God en Hemelse Vader rig die kerkraad van die NG Gemeente Selectionpark 'n hartlike uitnodiging aan leraars om aansoek te doen.

Gemeente- en omgewingsprofiel:

Die gemeente Selectionpark is sentraal geleë in Springs aan die Oos-Rand. Die lidmateprofiel bestaan uit 391 belydende en 75 dooplidmate, met 'n lidmaatskap van 50% ouer as 46 jaar.

Selectionpark-laerskool is binne loopafstand van die pastorie en daar is twee hoërskole in 'n radius van ongeveer agt kilometers vanaf die pastorie. Daar is twee nabygeleë privaat hospitale, wat beskikbaar is vir geneeshere en ander mediese praktisyne.

Leraarsprofiel:

- 'n Leraar wat oortuig is dat die Heilige Gees hom/haar gelei het om aansoek te doen sodat hy/sy die gemeente sal lei in 'n lewende verhouding met Jesus Christus, ons enigste Verlosser en Saligmaker.
- 'n Geesvervulde, gelegitimeerde predikant van die NG Kerk wat die Here Jesus liefhet en Hom toegewyd dien.
- 'n Persoon met goeie luister- en fasiliteringstyl van leierskap, wat lidmate kan mobiliseer, bemagtig en verenig om hulle gawes in die bediening van die gemeente uit te leef.
- Bediening van lewendige, dinamiese en Skrifgetroue prediking wat alledaagse praktiese implikasies uitdra en geestelike groei in die gemeente bevorder.
- In spanverband kan werk met goeie verhoudinge en persoonlike kontak en wat ouer en jonger persone sal besoek en begelei.
- Netwerkvorming met verskeie rolspelers in die gemeenskap en sustergemeentes in Springs is 'n vereiste.
- Wat betrokke is by alle gemeente-aktiwiteite en so kan help met die vestiging van toepaslike gemeentestrukture.
- 'n Goeie aanvoeling vir sang en musiekbediening.
- Beskikbaarheid van goeie multimediale vaardighede en die toepaslike gebruik daarvan tydens eredienste.
- Onder leiding van die Heilige Gees, uitvoering gee aan amppligte, soos vervat in Kerke Artikel 9.

Vergoeding:

- 'n Vergoedingspakket word in ooreenstemming met die riglyne soos deur die sinode voorsien en is onderhandelbaar.
- 'n Ruim gerieflike pastorie is beskikbaar op die kerkperseel.

Aansoek:

Belangstellendes word genooi om 'n volledige CV met hulle persoonlike besonderhede asook kontakbesonderhede van drie referente, te stuur aan die saakgelastigde:

E-pos: ngkerk.selectionpark@gmail.com

Kandidate wat die kortlys haal, moet waar moontlik, saam met hulle gades vir onderhoud en preekbeurte beskikbaar wees.

Navrae:

Kan telefonies gerig word aan leierouderling, Johan Olivier by 083 445 1153.

Sluitingsdatum: 16 September 2021.

Algemeen:

Daar kan van kandidate op die kortlys verwag word om tydens 'n preekbeurt, 'n multimediale aanbieding te lewer aan die hand van die tema van die boodskap.

Beroepingsvergadering:

Die beroepingsvergadering sal na afhandeling van onderhoude plaasvind, waarna die suksesvolle kandidaat, in kennis gestel sal word.

Die kerkraad behou die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak uit die aansoek wat ontvang is nie.



NG GEMEENTE BLOEMVALLEI

VAKATURE: Voltydse leraarspos:

In biddende afhanklikheid van die Here word aansoek vir bogenoemde pos ingewag.



Gemeenteprofiel:

Bloemvallei is geleë binne die hoewegebiede van Roodewal, Midway en Vallombrosa, sowat 16 km vanaf die middestad aan die oostekant van Bloemfontein. Die lugmagbasis Bloemspruit, Maselspoort-vakansie-oord, heelwat ontwikkelings langs die Renosterspruit en Modderivier en enkele plase val binne die gemeentegrense. Daar is 'n gevestigde jeugbediening naamlik Goeie Nuus Aksie (vir laerskoolkinders), Kleuterkerk en Kategese. Die gemeente bestaan uit 220 belydende en 90 dooplidmate en 15 besoekers.

Leraars/Werksprofiel:

- Bedieningsgeleentheid volgens artikel 9 van die Kerke.
- 'n Wedergeboore, Geesvervulde man/vrou van God met integriteit en 'n onbesproke karakter, 'n liefdevolle en minsame persoon met 'n passievolle uitlewing van sy/haar roeping. 'n Liefde vir God en vir die mense van die gemeente.
- 'n Passie vir die Skrifgetroue, aktuele en entoesiastiese verkondiging van die Woord tot opbou van die lidmate vir hulle dienswerk.
- 'n Passie vir evangelisasie deur getuie, omgee en betrokkenheid by die talle kerkloos en kerklose mense in die omgewing.
- Van die aansoeker word Skrifgetroue Woordverkondiging en -standpunte verwag, veral tov die maagdelike geboorte, opstanding, hemelvaart en wederkoms van Jesus Christus en dat Hy die enigste Verlosser van die wêreld is, wat entoesiasties aangebied word en geestelike groei bevorder. Ook dat Hy wonderwerke gedoen het en dat die duiwel bestaan. Hy/sy moet ook al die dwaalleringe van die Algemene Sinode tot bg verwerp, asook die standpunte van 2019 tov selfdegeslagverhoudinge.
- Iemand wat geheg is aan die gereformeerde leer en die belydenisskrifte van die kerk.
- Die aansoeker moet kennis neem daarvan (1) dat Bloemvallei-gemeente teen die 2019 AS-besluit oor selfdegeslagverhoudings is en (2) dat ons 'n ernstige probleem het met die NG Kerk se teologiese opleiding by die drie teologiese fakulteite. (3) Ons wil ook graag hê dat die VS die band met die AS losmaak volgens artikel 37. Ons het beskrywingspunte tov bg drie sake ingedien vir die volgende Vrystaatse sinodesitting.
- Die opbou van die gemeente deur persoonlike besoeke van lidmate.
- Alle ouderdomsgroepe met liefde behandel.
- Goeie menseverhoudinge en 'n spanbouer wat gemaklik klein en groot groepe kan lei tot die opbou van die gemeente as 'n hegte eenheid.
- Beskikbaarheid van vervoer wat ook op plaaspaai gebruik kan word.

Vergoeding en voordele:

Onderhandelbaar met die sinodale skaal as riglyn. Die volgende voordele word voorsien:

- Gratis huisvesting (ruim pastorie met munisipale dienste).
- Motortoeleag.
- Pensioen- en mediese subsidie.
- Selfoontoelaag en landlyn.
- Vergoeding volgens sinodale skaal tot maksimum kerf 9.

Aansoek:

Vra aansoekvorm aan en voltooi dit. U aansoek moet 'n verkorte CV en minstens drie referente asook kontaknommers insluit. Stuur asseblief per e-pos aan die NG Gemeente Bloemvallei by bloemvallei@gmail.com bevestig ook ontvangs van u aansoek met die skriba van die kerkkantoor. Aansoekers wat die kortlys haal, sal genooi word vir 'n onderhoud en moontlik 'n preekgeleentheid. Indien u getroud is, sal u gade welkom wees om die onderhoud by te woon.

Sluitingsdatum vir aansoek: 30 Augustus 2021.

Datum van indienstreding: 01 Desember 2021.

Navrae: Ds Henk Taute ☎ 051 441 7724 ☎ 083 338 2118.
Alet van Aardt ☎ 051 441 7794 ☎ 082 410 8341.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoek te maak nie.

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



Van erediens na erediens op 'n doodnormale Sondag

Lewers in die plakkerskamp buite die dorp sing mense 'n trekkerige kerklid. Ek stap al hoe dieper tussen die sinkhutte in. Dis 'n Sondagoggend, net ná nege.

Die vorige dag nog het die inwoners betoog teen die plaaslike munisipaliteit se swak dienslewering en klippe na die polisie gegooi. Die polisie het teruggeskiet met rubberkoeëls. 'n Jong man is dood. Nou is hulle in die kerk.

Ek is op pad die binneland in en het vroegoggend die plaaslike koerant by die kafee gekoop. Ses en twintig kerke adverteer hulle dienste in die koerantjie. Ek wil by soveel as moontlik van daardie kerke vanoggend 'n draai maak, het ek besluit. Miskien moet ek die dorp se naam eerder verswyg, want dit is die storie van byna alle dorpe en voorstede.

Die singende stemme kom uit 'n sinkgeboutjie in 'n oopte tussen die plakkershutte. "Come to me, Jesus," sing hulle. "Come to me, Jee-e-suss." Die geboutjie is nie veel groter as 'n voorstedelike motorhuis nie. By die deur staan die prediker, uitgevat in 'n pak klere en 'n paar langpuntskoene.

Hulle is die Holy Revival Movement, sê hy, en vandag word nie geprotesteer en baklei nie. "Today we pray."

Ek gesels nog 'n bietjie met hom en stap terug na my bakkie toe. Die Ver-

enigende Gereformeerde Kerk (VGK) is nie baie ver hiervandaan nie, in 'n ouer gedeelte van die township waar steenhuisse is. Dit is omdat die VGK jare gelede tot stand gekom het vir die NG Kerk se bruin lidmate, wat gedwing is om hier apart te leef van die mense in die grootdorp. Meer as honderd jaar al bestaan dit as twee afsonderlike kerke.

Die VGK se kerkgebou lyk baie soos die NG kerke waarmee ek grootgeword het. Jy sien die toring van ver af. Reguit sementpaadjie van die hekkie tot by die voordeur. Die diens is al aan die gang. Ek vertoef 'n paar oomblikke in die kerk se portaal. "Loof Hom met die tromme," sing die gemeente. "Loof Hom met die klinkende simbale ..."

Twee strate van die VG kerk af, stap 'n man in 'n rooi hemp en 'n das. Sy swart skoene blink. Hy is in die AGS, sê hy. Hulle kerkgebou is net hier om die draai.

En doer oorkant in 'n klaskamer by die skool hou die Ou Apostolies kerk. Minder as 'n kilometer verder hou die Nuwe Apostolies kerk in 'n groot, leë vertrek wat eers 'n winkel kon gewees het. By beide klap die gemeente terwyl hulle sing.

Die Anglikaanse Kerk is hier, só lyk dit, 'n Afrikaanse kerk. Op die kennisgewingbord voor die gebou staan in

Afrikaans: "Eredienstye." Die banke sit reeds vol mense.

Buite staan een van die kerkraadslede. "Hier is vier en vyftig kerke op die dorp," sê hy sonder 'n sweempie twyfel, "dan is daar nog 'n klomp kleintjies ook. Huiskerke."

Die Pentecostal Revival Ministries. Die Ware Christen Pinksterkerk. Die Holy Revival Church.

In die Pinkster Protestante Kerk op die rand van die dorp doop die pastoor twee ouerige mans. Met oorgawe sak hulle af op hulle knieë wanneer die pastoor sy hand in die doopbak druk en druppel na hulle voorkop toe bring terwyl iemand in een van die agterste banke roep: "Halleluja!"

Die NG Kerk is in die middedorp naby die kafee waar ek vroegoggend die plaaslike koerant gekoop het. Ek parkeer voor die kafee en stap na die kerk toe. Die horlosie in die toring is op tyd: Dis byna kwart voor tien. Die diens is besig om 'n crescendo te bereik. 'n Stewige trop Hilux- en Ford Rustler-bakkies staan onder die bome. Langs die roosbedding is 'n verweerde man wat 'n ogie hou oor als buite die kerk. 'n Mens weet nooit. Selfs kerke word deesdae beroof en besteel. Ek waai in sy rigting, hy waai terug, en ek stap suutjies by die kerkgebou se trappies op, tot in die portaal. Jy

kan die preekstoel hiervandaan sien. "So spreek die Here," staan op die wynrooi kanselkleed. In die moederskamer huil 'n baba gedemp agter dik glas.

Die predikant se stem is bedoord. "Ons moet leer om soos Jesus te word," sê hy in 'n stem baie sagter en sonder die melodramatiese verbuigings van die ou geslag dominees. "Ons moet Jesus se woord hier op ons dorp uitdra. Ons moet die dorp vir Jesus wen. As ons dit nie doen nie, gaan hier oor tien jaar niks wees nie."

Ek stap terug na die kafee waar my bakkie geparkeer staan, met die predikant se woorde wat my agtervolg. Ek bestel 'n koffie en gaan sit by een van die tafeltjies. Jy kan van hier af mooi sien wat in die middedorp gebeur. Oral is mense. Baie van hulle is plaaswerkers wat kerk toe gekom het. Hulle gesels en lag en klim terug op die vragmotors en sleepwaens wat hulle van die plaas af gebring het om na die kerk te gaan waar elkeen van hulle tuis voel. Almal is swart of bruin.

By die NG Kerk se terrein ry 'n string karre uit. Omtrent almal in die karre is wit.

Dit is op die oog af 'n doodnormale Sondag op hierdie dorp. Straatop lê gebrande buitebande langs die pad.

Eers môre sal alles weer anders hier wees.

Klein venstertjies op God



Wat 'n God?

'n Nag onder die sterreheem in die Karoo bring jou onder die besef van jou nietigheid, geringheid en verganklikheid, maar ook die grootheid, almag en majesteit van God. Tog dink hierdie grote en almagtige God aan die mens en sorg vir hom. Hy is terdeë bewus van die mens se doen en late, asook sy omstandighede en sien na hom om. Daarom dat die psalmis verwonderd uitroep: "Wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?" (Ps 8:5). Dít is en bly 'n onbegryplike en onverstaanbare wonder op 'n planeet waar die aansienlikes en magtiges normaalweg net na hulleself omsien.

– Kobus Smit
fineartamerica.com/profiles/kobus-smit